# Ratwerk van die Kerk



Louis Nel

# Ratwerk van die Kerk

'n Reeks Oordenkinge oor Efesiërs

Louis Nel

Junie 2022

Voorblad: Ontwerp deur Louis Nel

Saamgestel en gedruk deur

Mosbolletjie Publikasies

louis@dagstukkie.co.za

082 771 4925

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


1. Die Opwindende Kerk!
2. Genade en Vrede vir Jou!
3. Jannie Maak Brêkfis
4. Slegs 'n Nommer?
5. Dankie!
6. Van Verlore na Gered
7. Een in Christus
8. Die Dertiende Apostel
9. 'n Spesiale Gebed vir Jou
10. Is Kerkeenheid ooit moontlik?
11. Begeertes
12. Riglyne vir die Lewe
13. Lig en Duister
14. Huweliksverhoudinge
15. Rebelse Kinders

16. Arbeidsverhoudinge
17. In God se Weermag
18. ‘n Gordel vir my Heupe
19. Beskerming vir my Hart
20. Bid Vir Mekaar

# 1

# Die Opwindende Kerk!

# Inleiding tot die boek Efesiërs

**VIDEO * OUDIO**

Ek was baie beïndruk met die pragtige, massiewe gebou. Toe ek egter die kerk binnestap, slaan dit

my asem skóón weg! Dis opwindend! Die dramatiese kansel, die beeldskone houtwerk, die asemrowende loodglasvensters – alles laat my hart vinniger klop!

Is dit hoe ‘n kerk moet lyk?

Toe dink ek, wat is die kerk nou eintlik? Is hierdie een dan nou beter as die ou vaal geboutjie om die hoek, daardie enetjie waar die mense so lekker sing?

Die vraag is, watter kerk is dan nou éintlik die regte een? En hoe lyk die ideale kerk? Hoe lyk die ratwerk van ‘n goeie kerk?

Jy sal natuurlik met my saamstem

dat daardie indrukwekkende kerkgebou beslis nie die kerk is nie en óók nie die ou vaal geboutjie om die hoek nie. Dit is bloot ‘n dooie gebou! Noem hom dalk eerder die gemeente se werkswinkel, want dit is waar daar gewerk word en waar die gemeentelede opgelei word in ware praktiese dissipelskap.

Die vraag oor watter kerk dan nou die regte een is, is eintlik misleidend. Daar is nie verskillende Christelike kerke nie! Nee, daar is slegs één kerk, die kerk van Jesus Christus! Inderdaad is daar wel baie verskillende gemeentes en

denominasies en almal het verskillende aanbiddingstyle. Hulle interpreteer selfs sekere dele van die Bybel verskillend en dus is daar sekere goed waaroor hulle beslis nie saamstem nie. Maar ten spyte daarvan vorm hulle uiteindelik slegs één kerk. Om die waarheid te sê, is elke gelowige indiwidueel-kollektief die kerk.

Dalk kan ons die kerk sien as ‘n trein wat op pad is hemel toe. Geloof in Jesus is die enigste kaartjie wat jou die reg gee om op hierdie trein te wees. Die trein kan egter nie loop as iemand hom nie aan die gang hou

nie en daarvoor is die personeel verantwoordelik.

Op hierdie hemelse trein werk dinge egter ‘n bietjie anders. Vir ‘n begin, is daar nie range nie. Elke lid van die personeel is op presies dieselfde vlak, of jy nou die drywer, kondukteur of ‘n kelner is, almal is eenders. Hulle het egter ‘n wyd-uiteenlopende staat van pligte en om die trein op koers te hou, moet party van die personeellede baie hard werk, terwyl meeste passassiers rustig sit en slaap!

Die ideale hemeltrein is dié een waar al die passasiers sélf ook

inspring en saamwerk om sodoende die laste van die personeel ligter maak. Nie alleen maak dit die reis vir die passasiers meer aangenaam nie, maar ook vir die personeel. Op hierdie wyse word almal op die trein personeel. As net een begin en aan die werk spring, sal daar baie gou ander wees wat volg!

In die meeste gemeentes is by verre die grootste deel slegs passiewe passasiers, wat so min as moontlik deelneem. Kan hulle dan nie besef hoe opwindend dit is om deel te wees van alles nie? Daar is so ‘n ryke verskeidenheid van dinge om te

doen in die kerk. As jy eers eenmaal begin het, kom jy baie gou agter hoe heerlik opwindend dit is. In die Efesiërs-brief word die kerk vergelyk met ‘n liggaam. Dink maar net vir ‘n oomblik hoeveel wyduiteenlopende onderafdelings jou liggaam het en elkeen het ‘n noodsaaklike funksie! Die kerk word ook dikwels vergelyk met ‘n bruid of ‘n soldaat. Maar Paulus sien die kerk ook as ‘n tempel. Uit hierdie vier beelde alleen sien ons die wonderlike verskeidenheid. Niemand sal kan sê dat daar nie vir hom of haar ‘n plek of taak iewers in die kerk is nie. Daar is plek vir elkeen in die span.

Hierdie brief van Paulus help ons om die kerk in die regte perspektief te stel en om reg te kan dink oor die kerk. Dit is belangrik dat ons raaksien dat die kerk eintlik ‘n versameling van mense is, mense wat aan God behoort en ‘n intieme verbintenis en verhouding met Jesus het. Inderdaad is dit ‘n mengelmoes van mense uit elke moontlike denkbare agtergrond, taal, ras en volk en hulle word saamgesnoer tot ‘n hegte eenheid in Jesus. Ja, die een gróót samebindende faktor is inderdaad Jesus. Hulle is lief vir Hom en hulle erken Hom as die enigste Here. Hulle stel hulleself dan

ook onder Sy heerskappy en hulle dien Hom.

Wanneer Paulus hierdie brief skryf, is hy iewers in die tronk. Ons is nie seker uit watter tronk hy hierdie brief geskryf het nie, dit kon moontlik Sesarea wees. Hier was hy vir 3 jaar opgesluit. Dit kon dalk ook Rome wees, waar hy 'n paar jaar agter tralies deurgebring het. Ons kan aanvaar dat dit waarskynlik in Rome was.

Ons kan verder ook aanvaar dat hierdie brief eintlik nie aan die gemeente in Efese gerig was nie, maar dat dit 'n omsendbrief was wat

aan al die gemeentes gerig was. In vers een staan daar wél dat hy aan die Efesiërs skryf, maar in die vroegste manuskripte kom hierdie vers gladnie voor nie, dus kon dit dalk later ingevoeg gewees het.

Ek hét al so vyf jaar gelede hierdie brief van Paulus behandel. Ek gaan egter poog om met totaal nuwe oë daarna te kyk en dit uit ‘n ander hoek te sien. Hierin is dit my innige gebed dat die Heilige Gees elke woord in hierdie kort reeks dagstukkies vir my op die hart sal lê. Sonder Hom is dit vir my gans onmoontlik om eers my pen op

papier te sit.

My gebed is terselfdertyd ook dat hierdie reeks vir jou tot groot seën sal wees, en dat jy hierdeur geestelik sal kan groei.

Gebed:

Here, dankie dat U kerk so opwindend is. Ek wil bid dat U sal werk in elke hart wat hierdie reeks lees, dat elkeen U kerk so sal ervaar.

# Genade en  Vrede vir Jou!

# Efesiërs 1:1,2

**VIDEO   *  OUDIO**

Shalom! Vrede vir julle! So het Jesus Sy volgelinge gegroet toe Hy hulle vir die eerste keer sien na Sy opstanding.

Wat is daar in ‘n groet? Wanneer ek ‘n bekende persoon op straat sien, sê ek vriendelik: “Goeie môre” sonder om eers te dink wat ek vir hom sê. Bedoel ek dit werklik diep uit my hart dat ek daardie persoon ‘n mooi dag toebid?

En as ek nie té haastig verby hom jaag nie, vra ek so terloops: “Hoe gaan dit?” Sommer so outomaties sonder dat ek werklik belangstel in die persoon se welstand, sommer maar net uit goeie maniere. Dan hoop ek maar dat hy sal sê: “Goed dankie,” al gaan dit dan ook bedroef, want mens wil mos nie na ‘n ander ou se gesanik luister nie en beslis ook nie nog sy probleme óók op jóú skouers dra nie!

Waarom sê ons ‘n ding as ons dit gladnie bedoel nie? En waarom vra ons hoe dit gaan as ons nie werklik belang stel nie? Dis mos

skynheiligheid, is dit nie?

Wanneer laas het jy by ‘n eensame ou tannie gekuier en net met aandag en belangstelling geluister? As jy bereid is om te luister, maak die persoon haar hart teenoor jou oop. Sy vertel jou van haar vrese, haar pyn, haar verlange na haar eggenoot wat vir 50 jaar haar lewe met haar gedeel het en nou nie meer daar is nie. Maar sy vertel ook van haar vreugdes en die mooi dinge uit haar jeug. “Hoe gaan dit?” word nou met opregtheid gevra. En die wonder is dat daardie persoon weer soos ‘n mens voel wat iets vir

iemand beteken. Nou voel sy dat iemand werklik in haar belangstel. En ek belowe jou: vir jouself is dit nét so verrykend en opbouend!

Vir Paulus was dit nogal moeilik om “goeiemôre” te sê, want hy was in die tronk opgesluit! Hy kon nie eers die mense vir wie hy groet ‘n drukkie gee nie!

Die tronk was ‘n afgryslike plek, maar Paulus het hom nie sit en verknies daaroor nie. Ons lees nie eers in ‘n enkele brief van hom dat hy kla oor sy omstandighede nie! Paulus verwyt God nooit omdat Hy toegelaat het dat hy in die tronk sit

nie. Inteendeel, Paulus sien die wonderlike geleenthede in die tronk raak. Hier waar hy opgesluit is, het hy hope tyd om briewe te kan skryf. As hy nie direk met die mense kan gesels nie, skryf hy vir hulle! Boonop kry hy die geleentheid om die evangelie te kan deel met die tronkowerhede en soldate.

Paulus spring dus nie in sy brief weg met ‘n klaaglied oor sy persoonlike omstandighede nie, maar hy begin met ‘n loflied oor die Here se wonderlike uitverkiesende liefde (Efes. 1:3-14). Ons gesels ‘n bietjie later oor hierdie loflied.

Sommer reg met die intrapslag wil Paulus sy lesers wys op die feit dat hulle aan God behoort. Terloops, dit wil voorkom asof die woorde “in Efese” dalk later ingevoeg kon gewees het en dat die sin oorspronklik gelees het: “….. aan die heiliges, die gelowiges in Christus Jesus…..” Hierdie brief was heel waarskynlik nie net gerig aan die gemeente in Efese nie, maar aan ál die gemeentes en dus ook direk aan jou en my vandag! Met sy groet wil Paulus ons dit op die hart druk dat ons verseker kan wéét dat ons aan God behoort as ons maar net in Jesus glo.

Daar is soveel gelowiges wat met ‘n onsekerheid in die hart rondloop. Hierdie woorde plaas sekuriteit in ons harte, want watter groter sekuriteit is daar nie in die lewe nie, as om verseker te kan wees daarvan dat die Almagtige God, die Skepper van die heelal jou eienaar is? Hy het ons uitgekoop! Ons is Syne!

Dit het natuurlik enorme gevolge, want dit beteken dan mos óók dat ons onder Sy beskerming staan, dat Hy ons versorg en dat Hy ons alles gee wat ons nodig het. Maar aan die ander kant beteken dit terselfdertyd

ook dat, omdat ons Sy eiendom is, ons ook in Sy diens staan. En nee, dit is nie dwangarbeid nie - dit is vrywillig. Jy sal nie “afbetaal” word as jy nie jou kant bring nie, maar Hy gee liefdevol vir my en jou die wonderlike geleentheid om vir Hom te werk.

Ek glo in Jesus! Ek behoort aan God! Is dit nie die wonderlikste gedagte wat óóit deur enige mens se gemoed kan spoel nie?

Dan kom Paulus met sy groet - nie ‘n niksseggende “Met my gaan dit goed - hoe gaan dit met jou?” nie. Paulus se groet gee vir sy lesers iets

baie kosbaar: “Genade en vrede vir julle!” Hierdie is nie maar ‘n wens of ’n hoop wat Paulus uitspreek nie. Dit is nie eers ‘n gebed om te vra dat die Here dit vir die lesers sal gee nie. Paulus is oortuig dat die Here dit alreeds tot sy beskikking gestel het en nou gee hy dit vir elkeen wat hierdie brief lees. Paulus maak as’t ware God se genade en vrede die leser se geskenk.

Ek behoort aan God. Daarom kry ek nou, terwyl ek hier lees, ook God se genade en vrede!

Is dit nie ‘n wonderlike gedagte nie? Kom, ek wil jou uitnooi om saam met

my vandag hierdie wonderlike genade en vrede van God ons eie te maak en te geniet met alles wat binne-in ons is. Maar so ‘n kosbare geskenk kan jy mos nie vir jouself hou nie! Kom ons gee dit dus weer verder aan vir elkeen wat vandag oor ons pad kom en veral vir medegelowiges, ander wat ook in Jesus glo. Onthou, dit is aan ons almal geskenk om te gebruik en te geniet!

Gebed:

Here, dit jubel en borrel in my omdat ek weereens kan besef dat ek aan U behoort en dat U vir my genade en

vrede gee in oorvloed!

# 3

# Jannie Maak Brêkfis

## Efesiërs 1:3-5

**VIDEO * OUDIO**

Hou mense van jou? Dis mos nou half ‘n ongemaklike vraag! Wel, ek wil graag glo dat meeste mense nogal van my hou! Waarom sou mense van my hou? Dalk omdat ek hard probeer om altyd vriendelik te wees teenoor almal. Ek dra selfs ‘n masker met ‘n breë, hartlike glimlag opgeverf en talle wildvreemde mense stop eers om kommentaar te lewer! Dit plaas sommer dadelik ‘n glimlag op die suurste gesig! Ek wil

graag glo dat ek baie vir ander mense beteken. Elkeen van ons wil graag hê dat mense van ons hou.

Die probleem is, dat ons so maklik ook wil dink dat God vir ons lief is oor ons mooi eienskappe. Hy is lief vir my omdat ek hard werk in Sy koninkryk of omdat ek so baie goed doen vir ander mense. Hy is lief vir my omdat ek elke Sondag kerk toe gaan en gereeld my Bybel lees en bid. Hy is lief vir my omdat ek so mooi vir Hom sing - ek sing selfs lofliedere in my hart vir Hom!

Dis 'n mite! God se liefde vir my het absoluut niks te doen met wat ek

alles vir Hom doen nie. Ook nie eers oor hoe lief ek vir Hom is nie. Inderdaad is daar wél ‘n “omdat” by betrokke, maar hierdie “omdat” lê by God. Hy het my lief omdat Hy my lief wíl hê. Hy het my lief *ten spyte van* al my gebrekkige pogings om vir Hom lief te probeer wees en dinge vir Hom te probeer doen.

Dalk kan ek dit probeer verduidelik met ‘n storietjie. Ek het hom al dikwels vertel, maar elke keer bring hy weer trane in my oë. So, vergewe maar as jy dit al ‘n dosyn keer gelees het!

Klein Jannie besluit een

Saterdagoggend om vir Mamma en Pappa te verras en vir hulle ontbyt te maak. Dis nog half donker as hy uit die bed spring. Wat sou hulle geniet vir ontbyt? Dalk moet hy plaatkoekies bak – dis mos lekker! Hy maak die yskas oop en haal vier eiers uit. Dan gebeur die eerste oepsie alreeds, want vier eiers is te veel vir sy klein handjies om te hanteer. Twee eiers glip uit sy handjies en val flenters op die vloer. Sommer gróót gemors!

Jannie skrik hom boeglam! Daar is egter nie nou tyd om hom oor daai taai gemors te verknies nie, die

plaatkoekies moet klaarkom! Hy klouter op ‘n stoel om die sakkie meelblom bo van die rak af te haal en so byna, byna verloor hy sy balans. Hy kry ‘n bak in die hande en gooi ‘n paar koppies meelblom in. Dit sukkel maar om die fyn wit poeier uit die sakkie te kry en van die meel beland op die vloer, nogal rég op die plek waar die stukkende eiers nog lê. Nou is dit éérs ‘n taai gemors! Jannie sien dit gelukkig nie raak nie, want hy staan hoog bo die aarde op ‘n stoel en werk.

Stap een is om die eiers in die meel te kry. Hy kap ‘n eier teen die rand

van die bak, soos hy Mamma sien doen het. Dit wil egter nie so lekker werk nie, want net die helfte van die eier beland in die bak, dop en al. Die ander helfte spat oor die toonbank! Die tweede eier beland darem in die regte plek met slegs ‘n paar doppe in die meel.

Jannie trek die suikerpotjie nader en meet noukeurig ‘n paar handjiesvol suiker af. Nou is sy handjies een taai gemors en sy vingers klou aanmekaar vas. Hy trek die karton met melk nader, maar in die proses stamp hy die suikerpot van die toonbank af sodat dit aan skerwe

spat op die vloer en suiker die hele kombuisvloer vol lê. Jannie het egter nie nou tyd om daaroor te bekommer nie, want daar is plaatkoekies om te bak! Hy gooi melk by die meel en begin heftig roer.

Op daardie oomblik kom Kat die kombuis ingemarsjeer en spring op die toonbak, want hier is iets lekker aan die gang! Die mengsel in die bak is nou ‘n taai gemors. Kat ruik aan die bak. Jannie vererg hom vir die dierasie en swaai ‘n wilde hou na hom met die lepel. In die proses stamp hy die bak per ongeluk raak.

Dit kantel. Jannie probeer tevergeefs om die bak te gryp. Stadig tol die bak en tuimel van die toonbank af. Verbouereerd sien Jannie hoedat al sy harde werk oor die kombuisvloer spat en nóg ‘n groter gemors van die reuse gemors op die vloer maak.

Dit is die laaste strooi! Sy lippie begin onbedaarlik te bewe. As hy omkyk, sien hy vir Pappa in die deur staan. Nou bars Jannie in trane uit. Al sy beste pogings het net mooi op niks uitgeloop nie! Sy liggaampie ruk soos die rou snikke deur hom skeur. Pappa moet baie mooi in die taai

gemors trap om nie nog op ‘n glasstuk óók te trap nie. Hy tel vir Jannie van die stoel af en druk hom styf teen sy bors vas. “Pappa is baie lief vir jou!” troos hy terwyl hy hom liefderik soen.

Die Here het my en jou uitgekies om Sy kinders te wees, ten spyte van die feit dat ons in vyandskap met Hom geleef het. Hy het ons ryklik geseën met ál die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (vers 3). Ons sal nooit werklik ons verlossing kan verstaan nie, want dit is só onbegryplik. Hy het Sy besluit alreeds geneem nog voordat ons

gebore is. As dit van ons moes afhang, sou ons nóóit kinders van God kon word nie.

Hoe moet ek hierop reageer? Om God te loof en prys! Nie met verwyte omdat Hy slegs party mense uitgekies het en nie almal nie en Hom te beskuldig dat Hy onregverdig is nie. Ek moet eerder verbaas wees dat Hy juis vir mý uitverkies het ten spyte van die gemors wat ek aangevang het. Dan moet ek soos Paulus in ‘n lofprysing dit uitjubel oor hoe groot en goed die Here werklik is. Sy genade oor my is asemrowend groot. Ek kan Hom

nooit genoeg dankie sê daarvoor nie.

Gebed:

Here, al my lof en dank en aanbidding gaan aan U, want U is groot en aan U genade is daar geen einde nie!

# 4

# Slegs ‘n Nommer?

# Efesiërs 1:5-14

**VIDEO  *  OUDIO**

Dit is Januarie 1966 in Potchefstroom. Op die paradegrond staan ons manne ingeryg soos garnale aan ‘n sosatiestokkie. Garnale inderdaad, want die bloedige son het ons almal bloedrooi gebrand!

“Nommer 25087932, tree uit!” blaf die Sersant.

“Wat is my nommer nou weer?” Ek moet diep krap in my geheue om

daardie belangrike nommer op te diep.

“Nommer 25087932, waar is jy? Waarom moet ek vir jou wag!?” Dan tref dit my dat dit mos mý nommer is daardie. Ek word in baie gekruide taal uitgevreet omdat ek nie vinnig genoeg reageer het nie. Ek was nog nooit goed met syfers nie! Hulle maak nie vir my sin nie. Woorde is prentjies - dit is iets met ‘n gesig en ‘n vorm. Maar syfers, hulle beteken absoluut niks!

Voel jy soms asof jy net ‘n niksseggende nommer is? Is alles ooit die moeite werd? Raak jy

moedeloos omdat jy maar net ‘n ou spikkeltjie in die groot heelal is en dat niemand werklik in jou belangstel nie? Die boek Prediker begin met sulke moedelose woorde: “Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks. Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?”

Miskien is jy werklik eensaam. Moontlik het jy niemand wat waarlik vir jou omgee nie. Wees egter vandag verseker: jy is beslis nie maar net ‘n nommer nie! Efesiërs 1:11 laat jou baie gou besef dat jy beslis nie maar net ‘n stofdeeltjie in

die groot heelal is nie. Jy is baie spesiaal vir God! Só spesiaal, dat Hy eenmaal lank, lank gelede, selfs nog voordat tyd daar was, alreeds besluit het om jou deel van Sy volk te laat wees. Ja, selfs nog meer: om jou Sy kind te maak! Hy het selfs so ver gegaan om Sy enigste Seun op te offer as losprys sodat jy deel van Sy gesin kon word. Ons is dus wáárlik kinders van God!

Eintlik is ons aangenome kinders, maar maak dit werklik saak dat ons aangeneem is en nie eie kinders nie? Jesus is God se Seun en in Jesus is ons God se "aangenome"

kinders.

Volgens die Romeinse regstelsel het ‘n aangenome kind in daardie jare presies dieselfde regte en voorregte gekry as ‘n eie kind. Omdat God ons Sy “aangenome” kinders gemaak het, kry ons nou ook presies dieselfde regte en voorregte asof ons God se eie kinders is. In Galasiërs 4:5-7 skryf Paulus meer hieroor. Hy sê dat God ons vrygekoop het “*sodat Hy dié onder die wet kon loskoop, sodat ons as sy kinders aangeneem kon word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot*

*in ons harte, die Gees wat roep: “Abba, Vader!” Jy is dus nie meer slaaf nie, maar seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam deur God.*”

Ek is dus nou gladnie meer daardie simpele nommer wat ek in my weermag dae was nie, maar ek het ‘n identiteit! Ek is iemand! Inderdaad iemand wat aan God behoort! Boonop is ek ook iemand wat persóónlik deur God nuutgemaak is. Totaal nuut!

Hierdie dinge het egter nie maar sommer so toevallig gebeur nie. Dit was deel van God se noukeurige beplanning, alreeds baie lank terug.

Wat beteken dit? Dat God in totale beheer is! Nie alleen het Hy beplan nie, maar Sy plan het uitgewerk presies net soos Hy dit bepaal het. Ek en jy is nie maar uitgelewer aan slegte mense of bose magte nie. Nee, God is in beheer. En boonop is Hy ons Vader in die hemel wat vir ons omgee en sorg.

Paulus wil ons ook op ‘n wonderlike manier bemoedig met ‘n derde gedagte. In vers 13 en 14 lees ons dat God ons ‘n waarborg gegee het in die Heilige Gees. Hý is in werklikheid die Waarborg dat ons sal ontvang wat God ons belowe

het. Wat het Hy belowe? Dat ons God se eiendom is, Sy kinders. Ons behoort volkome aan God en niemand kan ons uit Sy hand ruk nie. Hy het as’t ware die seël van die waarborg dat alles eg is op ons afgedruk.

Dit gebeur wél soms dat ‘n gelowige twyfel oor sy kindskap. Ek het al met menige gelowige gesels, wat sê dat hulle nie seker is of hulle werklik die ewige lewe het nie. Die duiwel is die opperste leuenaar en hy sal alles in sy vermoë doen om twyfel te saai by ‘n gelowige. Hy het dit alreeds daar in die tuin van Eden gedoen, toe hy

vir Eva gevra het: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" Vandag vra hy: "Dink jy werklik dat jy gered kan word deur slegs in Jesus te glo?"

Het jy al ooit getwyfel? Of moontlik moet ek vra of daar iemand is wat nog nooit vir 'n oomblik getwyfel het nie? As daar ooit sulke gedagtes by jou opkom, kan jy maar net weer Efesiërs 1:13 lees en dit diep in jou hart gaan bêre: "*In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat*

*beloof is.*” Dit is finaal! Die stempel van egtheid is deur die Heilige Gees afgedruk sodat ons verséker, sonder enige twyfel kan weet: Ons is God se eiendom! Ons is God se kinders! Ons het dus die ewige lewe!

Gebed:

Here, dankie dat ek vandag verseker kan weet dat ek aan U behoort en dat ek U kind is.

5

# Dankie!

# Efesiërs 1:15-23

**VIDEO * OUDIO**

Vanoggend se Skrifgedeelte is so tot oorlopens toe gevul met boodskappe, dat ek amper nie weet waar om te begin en waar om te eindig nie. Is dit nie wonderlik hoe 'n paar versies dikwels net borrel van God se woorde aan my nie?

In vers 15 en 16 dank Paulus God vir die liefde van die gelowiges. Ek voel dikwels baie ongemaklik as iemand my bedank vir die een of

ander iets wat ek gedoen het. Om ‘n voorbeeld te noem:

My taak in ons gemeente as kommunikasiebeampte, is nogal baie wyd uiteenlopend. Dit beteken onder meer dat ek ons webblad ontwerp en op datum moet hou. Hierdie dagstukkies is ook deel van my taak. Ek is ook verantwoordelik om video’s te maak van die eredienste en op Youtube te beeldsend. Dikwels komplimenteer ons leraar my met: “Dit was puik gedoen!” Nou besef ek maar ál te goed dat ek dit nie uit my eie krag óf slimmigheid kan doen nie. Die

Heilige Gees lê die gedagtes in my neer en Hy verwag dat ek my bes sal doen om die taak wat Hy my gee en waarvoor Hy my toerus, uit te voer na die beste van my vermoë.

Hoe sê ek vir iemand “dankie” vir iets mooi wat die persoon gedoen het, sonder dat dit klink asof ek die heuningkwas mildelik swaai? Die geheim is om mooi te gaan dink wat die motief vir jou “dankie” is. Eintlik moet jou dank altyd héél eerste aan God gaan. Hy is immers die Een wat die persoon wat jy wil prys die vermoë, wysheid en wil gegee het om te doen wat hy gedoen het.

Maar dit is ook belangrik dat jy vir die persoon sê hoe jy voel, en dat jy God gedank het vir wat Hy deur die persoon gedoen het. Sê dus vir die persoon: "Ek sê dankie vir die Here vir wat Hy vandag deur jou gedoen het." Op daardie manier is dit géén heuningkwas-gesmeerdery nie, maar 'n God-gekeurde kompliment. Wanneer jou dominee of pastoor volgende keer dus weer so 'n hartroerende preek lewer, moenie vir hom sê: "Jy het so mooi gepreek dat jy my tot trane gedryf het" nie, maar sê eerder: "Dominee, ek loof die Here dat Hy my diep aangeraak het met die wonderlike boodskap wat Hy

vir my gegee het deur jou."

En dit is presies wat Paulus dan ook hier doen. Hy sê vir die lesers dat hy nie kan ophou om die Here te dank vir die mooi dinge wat hy hoor oor die gelowiges, oor hulle geloof in Jesus en hulle wonderlike liefde vir hulle medegelowiges.

In die tweede gedeelte skryf Paulus dat hy gedurig voorbidding doen vir die lesers. Dis iets wat nie so maklik kom nie. Dis baie maklik om vir jouself te bid en vir jou eie behoeftes. Dis nét so maklik om vir jou eie gesin, jou naby familie en vriende te bid. Maar om mense wat

ver van jou af is en dikwels onbekend is, aan die Here op te dra, is gladnie so maklik nie. Die meeste van ons los dit liewer uit ons gebede uit, of ons bid so in die algemeen, so 'n half niksseggende gebed.

Paulus stel hier vir ons 'n voorbeeld van hoe ons behoort te bid. Ons moet werklik die belange van ander mense op die hart dra, al ken ons hulle dikwels nie eers persoonlik nie. Ons moet spesifiek wees wanneer ons so 'n persoon aan God opdra. In hierdie geval bid Paulus dat die Here deur die Heilige Gees aan die lesers van hierdie brief wysheid sal

gee en dat die Here Homself só aan hulle sal openbaar dat hulle Hom waarlik sal leer ken. Hy bid verder ook dat die Here hulle die helderheid sal gee sodat hulle tot die besef sal kan kom watter geweldige hoop daar opgesluit lê in hulle roeping en watter asemrowende rykdom daar is in die erfenis wat elke gelowige kry. Hy bid ook dat die leser sal besef watter geweldige krag daar opgesluit lê, tot beskikking vir elkeen wat glo.

Paulus het hierdie dinge natuurlik alreeds op ‘n wonderbaarlike manier persoonlik ervaar en hy bid dat elke leser, ek en jy ingesluit dit ook só sal

ervaar. Dit beteken natuurlik ook dat dit sy gebed vir my en jou vandag is, want tweeduisend jaar later is óns vandag die lesers.

Hierdie is ‘n wonderlike voorbeeld van hoe ons voorbidding vir ander mense behoort te lyk. Nou klink dit in teorie alles baie mooi, maar hoe werk dit in die praktyk? Waar begin ek as ek vir ander mense wil bid?

‘n Goeie manier is om te begin met die gebedslys van een van die vele organisasies wat dringend voorbidding vra. Geopende Deure is so ‘n organisasie en jy kan die weeklikse gebedslys by

**www.opendoors.org.za/afr/e-welkomreeks-gebedskalender** bekom. Daar is baie gelowiges wat in die grootste nood lewe in lande waar die Evangelie verbode is. Hulle het ons voorbidding nodig. Nader aan die huis kan jy byvoorbeeld dink aan die probleme en uitdagings waarmee jou eie gemeente se leraar en kerkraad elke dag te doene kry en vir hulle bid vir wysheid. Tans is daar die verskrikking wat ons KZN kusgebied die afgelope week getref het. En moenie die oorlog in die Oekraïne vergeet nie!

Gebed:

Here, dankie vir soveel mense wat U in my lewe gegee het wat vir my bid. Leer my ook om vir ander te bid.

# 6

# Van Verlore na Gered

# Efesiërs 2:1-10

**VIDEO * OUDIO**

Ons kan Efesiërs 2:1-10 kortliks in dié sinnetjie opsom: Ons was dood as gevolg van ons sondes, maar God het ons in Jesus herskep, daarom moet ons die goeie werke doen wat Hy van ons verwag. Kort en saaklik!

Ek dink egter nie ons besef aldag die volle omvang van hierdie kort gedagte nie. Laat my toe om te probeer verduidelik. Iemand kom na

my met ‘n versoekie: hy het ‘n boek geskryf en nou wil hy hê dat ek dit vir hom moet druk. Eenvoudig! Voordat ek dit egter kan druk, moet sy skryfwerk egter eers geredigeer word, want sommer met die intrapslag sien ek al ‘n paar spelfoute. Die eerste stap is om die manuskrip te verwerk sodat dit in drukbare vorm is en dan druk ek een eksemplaar uit. My Mosbolletjie is die taalkenner en sy kry die eerste gedrukte boek. Nou begin die groot taak om die boek woord-vir-woord deur te lees, rooi pen in die hand en elke foutjie te merk. Dit kos weke se noukeurige, tydrowende hard-

konsentreer leeswerk, want letterlik elke kommatjie moet nagegaan word.

Wanneer sy uiteindelik by die laaste bladsy kom, word ek nadergesleep. Nou gaan ons die boek saam deur en bespreek elke fout en maak reg. Wanneer ek almal reggemaak het op die rekenaar, word hy weer ‘n slag uitgedruk en dan lees sy hom ‘n tweede keer noukeurig deur om te soek vir foutjies wat dalk iewers oorgeslaan is. Eers wanneer sy hiermee klaar is, kan daar begin word om die boek finaal op te stel en te druk en bind. Dan word ‘n omslag

ontwerp en omgesit en die boeke moet netjies gesny word met ‘n reuse papier-snymasjien. Harde werk! “Druk gou-gou vir my ‘n boek!” raak ‘n reuse taak wat maklik ‘n maand kan duur!

Wat moes alles gebeur sodat ek, verlore sondaar, omskep kon word in ‘n vrugdraende gelowige? Dit is soos om die proses te beskryf waar ruwe kakaobone omskep word in hemelse Belgiese sjokolade! Dit gebeur nie sommer maar net só nie! Maar die resultaat……. Ai!

Dink so ‘n bietjie terug aan jou eie lewe: Voor al hierdie dinge gebeur

het was jou lewe héél anders. Jy het jou laat mislei deur Satan, al sou jy dit dalk vir geen oomblik wou erken nie! Jou sondige begeertes het jou lewe só oorheers dat jy doodeenvoudig net gedoen het wat jy wou. Jy het daagliks die verdoemenis in die gesig gestaar en dikwels gelag daaroor. Wanneer jy in sonde leef, kan jy nie slegs die duiwel al die krediet gee daarvoor, soos wat Eva gedoen het nie. Jy sondig omdat dit lekker is en omdat jy jou deur jou begeertes laat mislei. Kom ons maak ‘n bietjie ‘n lysie van wat jou ware omstandighede eers was:

Jy was deur God vervloek.

Jy was dood as gevolg van jou sondes.

Jy het die hoofstroom gevolg.

Jy was geestelik dood.

Jy was God se vyand.

Jy sou deur God gestraf word.

Jy was in diens van Satan.

Jy het jou laat mislei deur jou sondige natuur.

Ja, en toe gebeur daardie wonderlike ding in jou lewe en uit God se groot genade red Hy jou uit hierdie moeras van verlorenheid. Nou lyk die lysie iewat anders:

Jy is nou die voorwerp van God se liefde.

Jy is saam met Christus lewendgemaak.

Jy kies Christus se pad.

Jy leef vir ewig.

Jy is ‘n kind van God.

Jy is uit genade gered.

Jy is in diens van Christus.

Jy laat jou lei deur die Gees.

Om egter hierdie oorgang van die een na die ander toestand te vermag, het ‘n proses gekos wat die hemel tot in sy fondamente geskud het. Dit het gekos dat die Skepper

van die heelal Sy troon moes verlaat en Hom kom verneder tussen die vuil, sondige, Satan-dienende gebroedsel. Hy, die Een wat die hoogste gesag van alle tye beklee, het Homself vrywillig kom onderwerp aan die spot, vloek en selfs marteling tot die dood om sodoende die volle prys te kon betaal vir jou en my redding. Dit is suiwer genade, ‘n gawe van God wat Hy gratis, vry en verniet gee. Géén mens kan dus óóit roem om te sê: “Ek het my lewe verander van ‘n verlore, sondige lewe na ‘n geredde, God-gesentreerde lewe” nie. Alles, alles is genade!

As ek dan sien wat God met my lewe gedoen het, sonder dat ek enigiets daarvan verdien het, mag dit alleen tot één ding lei: om oor en oor dankie te sê, nie maar net met woorde nie, maar met my hele lewe! Dit behoort ‘n natuurlike reaksie te wees om daardie God wat my uit die kloue van Satan gered het te dien en loof deur alles wat ek doen. Met ander woorde, nie te werk vir ‘n beloning nie, maar suiwer omdat ek dankie wil sê en omdat ek Hom innig liefhet!

Gebed:

Dankie, dankie, dankie Jesus, vir

wat U alles vir my gedoen het, en dat U my gered het! Leer my om my dankbaarheid prakties uit te leef.

# 7

# Een in Christus

# Efesiërs 2:11-22

**VIDEO * OUDIO**

Vanoggend gaan ons eers ’n slag kerk praat. Soos ons reeds gesê het, bestaan die kerk uit ál die gelowiges, ongeag aan watter denominasie hulle behoort en ongeag hulle ras, kultuur en so meer. Paulus spreek júís hierdie saak aan, waar Christus die skeidsmuur tussen Jode en nie-Jode afgebreek het sodat daar nou slegs één mensheid in Christus is. Almal wat nie Jode was nie, was beskou

as heidene. Hulle was sogenaamde "onbesnedenes" en die Jode het geglo dat hulle ver van God af verwyder was omdat God se verbond en beloftes tot Israel beperk was. Jesus het egter hierdie skeidsmuur verwyder sodat heidene óók nou deel van God se verbond uitmaak. Was dit nie hiervoor nie, dan sou slegs Jode deel kon kry aan God se koninkryk en beloftes. Ons sou uitgesluit wees!

Jesus breek baie mure af - mure wat dikwels totaal onnodige skeiding bring tussen gelowiges. Sommige gelowiges is al ou, gesoute

Christene wat reeds deur die meul van die lewe gegaan het en sterk staan in die geloof. Dit is só maklik om geestelik hoogmoedig te raak omdat jy reeds “ge-arriveer” het. Dit is egter géén rede om neus in die lug te wees nie, want dit is immers nie jý wat die verskil gemaak het nie, maar Christus! Jy mag dalk selfs kan spog met ‘n ellelange voorgeslag van gelowiges wat uitgestyg het in die geloofslewe. Dit beteken egter absoluut niks!

Die omgekeerde is egter nét so waar. As jy ‘n nuwe Christen is wat nog maar in jou babaskoene staan

in die geloofslewe, hoef jy vir géén oomblik minderwaardig te voel nie. In Christus is jy en die gesoute Christen presies op dieselfde plek. Christus het die muur van onderskeid totaal afgebreek.

Daar is inderdaad dikwels hemelhoë mure wat gelowiges van mekaar skei. Soms is dit geloofsoortuigings soos die doop, waar party glo dat ‘n mens reeds as baba gedoop moet word, terwyl ander glo dat jy nie gedoop mag word voordat jy ‘n vaste geloof in Jesus het nie. Sommige glo dat jy doodstil in die kerk moet sit en jou stemmig gedra,

terwyl ander weer hande klap en dans om só hulle spiritualiteit uit te leef. Maar daar is ook ander mure wat ons skei, soos byvoorbeeld ouderdomsverskille. Jongmense het ‘n totaal ander aanbiddingstyl as ouer mense. Verskille soos voorkoms, intelligensie, politieke oortuiging, finansiële posisie, ras, status en nog baie ander kan skeidingsmure bou. As jy nou rêrag Jesus se liefde wil doodmaak, moet jy ‘n “kliek” vorm met mense wat nes jy dink, of tot wie jy van nature aangetrokke voel. Sodoende beperk jy jou liefde tot slegs ‘n handjievol uitgesoekte mense!

Jesus het hierdie mure waarbinne mense hulleself afsluit, afgebreek sodat alle gelowiges gelyk is, al behoort ons aan verskillende rasse of kulture en al is daar geloofsoortuigings waaroor jy potensieel ure lank kan stry. Arm en ryk, jonk en oud, begaafd en eenvoudig - in Christus is daar absoluut geen verskil nie! Christus het ons één gemaak en Hy het ook ‘n einde aan die vyandskap gemaak, sodat ons almal deur één Gees vrye toegang tot die Vader het. Hierdie is ‘n wonderlike kleinood wat ons moet koester en met mekaar moet deel. Ons moet positiewe maniere soek

om versoening prakties te kan uitleef.

Inderdaad het Jesus alrééds begin om hierdie mure af te breek tydens Sy bediening, 2000 jaar gelede. Hy het nóóit onderskeid getref tussen mense nie en só het Hy die voorbeeld kom stel hoe dit prakties gedoen moet word. Waar géén Jood ooit met ‘n Samaritaan gesels het nie, het Jesus ‘n gesprek aangeknoop met ‘n Samaritaanse vrou, nogal met ‘n ellelange, gure reputasie! Hy het homself uitgenooi na ‘n verfoeilike tollenaar om saam met hom te gaan eet en kuier. Dit

was absoluut taboe vir die Jode, want tollenaars was “verraaiers”! Boonop nooi hierdie tollenaar toe nog, om die saak te vererger, ál sy slegte vriende uit om saam te kom eet! Natuurlik was die hoogmoedige Fariseërs gewalg deur Sy optrede!

Ons moet duidelik besef dat daar in die kerk nie so ‘n ding soos ‘n eersteklas en tweedeklas Christen is nie. Alle gelowiges is gelyk. Elke Christen-gelowige is ‘n volle burger met gelyke status in God se koninkryk! Daar is nie bywoners nie!

Elke Christen-gelowige is lid van God se huisgesin. God het elkeen

sy eie kind gemaak en almal verbind met die bloed van Jesus. Ons is dus broers en susters!

Alle Christene is sáám die geestelike huis van God, Sy heilige tempel. Elke gelowige is deel van daardie gebou, soos bakstene ingebou om die struktuur te vorm. Soos burgers gelyke status het, en gesinslede broers en susters is en ‘n gebou ‘n eenheid is, so moet gelowiges óók ‘n hegte eenheid vorm. Ons is gebou op die fondament van die apostels en profete, met Christus as ons Hoeksteen (vers 20). As Hoeksteen

bind Hy juis die ganse gebou van die kerk saam tot ‘n magtige eenheid en ‘n heilige tempel vir God, ‘n tempel waarin die Heilige Gees woon (vers 21,22).

Kom ons leef daardie wonderlike eenheid vandag prakties uit.

Gebed:

Here, dankie dat U die mure tussen ons afgebreek het. Bewaar ons asseblief daarvan om weer die mure te herbou.

# 8

# Die Dertiende Apostel

# Efesiërs 3:1-13

**VIDEO * OUDIO**

Wat ‘n wonderlike voorreg om ‘n uitgestuurde van God te kan wees! As God jou as gesant gebruik en stuur om die blye boodskap van Sy heerlike genade en liefde uit te dra, is dit só ‘n groot voorreg! Oorspronklik was daar ‘n twaalftal manne, persoonlik deur Jesus uitgekies vir hierdie taak. Drie jaar lank het hulle intensiewe praktiese opleiding gekry. God het egter besluit om ook ‘n dertiende apostel

aan te stel, iemand wat, anders as die ander, ‘n intensiewe teologiese opleiding gehad het, wat hom in staat sou stel om later briewe te kon skryf wat die volle betekenis en omvang van die Evangelie in fyn detail beskryf. En so het dit gebeur dat die briljante teoloog, Paulus totaal teen sy wil deur God tot stilstand geruk word op die Damaskuspad, waar Jesus persoonlik met hom kom praat het.

Aanvanklik was die ander apostels baie skepties oor hierdie skielike lewensverandering van Paulus, en die Joodse Christene het baie swaar

gesluk aan hierdie man wat hulle eers vervolg het en nou skielik vir hulle wou kom preek. Eers etlike jare ná sy Damaskus-ondervinding kry Paulus die opdrag van God om die Evangelie, nie aan sy mede-Jode te gaan verkondig nie, maar aan die heidennasies.

As ‘n stoere Jood en boonop ‘n Fariseër wat verskriklik eng wetsgebonde was, moes dit vir Paulus bitter swaar gewees het om “Ja” te sê toe God hom stuur. Hy moes letterlik alles wat hy deur die jare geleer het, oorboord gooi en ‘n totale nuwe perspektief kry van

godsdiens. Heidene was “onrein addergebroedsels,” só was dit immers in hom ingehamer en nou sou dit beteken dat hy sy reinheid moes prysgee. Paulus was egter baie opgewonde oor sy opdrag en hy het dit met volle oorgawe uitgevoer. Niks, absoluut niks het in sy pad gestaan nie, selfs nie eers die dood was vir hom ‘n struikelblok nie! En toe hy in die tronk beland, het hy doodeenvoudig voortgegaan deur briewe te skryf om sodoende die Evangelie verder te verkondig.

Paulus sien hierdie opdrag om die Evangelie aan die heidene te

verkondig nie as ‘n las op sy skouers nie, maar as ‘n geweldige voorreg. Boonop nie een wat hy verdien het deur sy toewyding of geleerdheid nie, maar suiwer genade van God. Selfs sy gevangenisskap is nie vir hom die einde van die wêreld nie, maar hy bemoedig die lesers van hierdie brief uit die tronk. Nee, hulle moes nie vir hom jammer voel omdat hy in die tronk was nie. Nog minder moes dit hulle moedeloos maak. Dit was vir hom ‘n groot eer om ter wille van hulle in die tronk te wees!

Dit klink so verskriklik onregverdig

en jy sukkel om dit te verstaan. Paulus verkondig die Evangelie met soveel passie, maar sy eie mense, die Joodse Christene in Jerusalem wil hom nie aanvaar nie. Op die sendingveld gaan dit ook nie makliker nie, keer op keer ervaar hy verwerping, veral van die Jode. Nogtans voer hy God se opdrag uit. Talle kere word hy uit ‘n stad uitgesmyt as dinge vir die inwoners te warm begin raak. Dan gaan Paulus doodeenvoudig maar net na die volgende stad en begin van voor af.

En toe kom sy laaste reis na

Jerusalem waar die Jode hom in hegtenis laat neem. Hulle het lankal sy bloed gesoek en hier is hulle geleentheid nou uiteindelik. Die ergste is dat Paulus dit verwag het! Hy word na Rome gestuur waar hy eers in huisarres geplaas word en later in die tronk beland.

Onregverdig? Nee, beslis nie! God het dit beskik dat die Joodse Christene Paulus sóú verwerp sodat die Evangelie oor die res van die wêreld versprei kon word. As mense dit vir Paulus baie gemaklik in 'n stad gemaak het, sou hy dalk net in die een stad wou bly. Dit was nodig

dat die Evangelie so wyd as moontlik verkondig word en Paulus het die wêreld behóórlik platgery. En toe kom die tronk. Waarom moes hy soveel jare in die tronk deurbring, as hy dalk baie meer vrugbaar die Evangelie elders kon verkondig? Baie eenvoudig: daar het menige briewe die lig gesien omdat hy gedwing was om te skryf. Baie van hierdie briewe het behoue gebly en vir die afgelope tweeduisend jaar al lees miljoene mense daagliks Paulus se “preke”. Hoe wonderlik het God nie hier voorsien nie, want as hy nie in die tronk was nie, het ons dalk nooit daardie waardevolle

brieweskat gehad nie. Of Paulus ooit besef het wat die ware doel van sy gevangenskap was, weet ons nie, maar wat ons wel weet is dat hy sy lot met blydskap en jubeling aanvaar het. God het dit só beskik en daarom was hy tevrede sonder om te mor.

Ons staan dikwels skuldig voor God, want in elke ou dingetjie wat met ons gebeur sit ons ‘n lang gesig op. As die lewe se skoen ‘n bietjie op ons liddorings druk, dan kerm ons! Dikwels verstaan ons nie waarom dinge met ons gebeur nie en ons pleit by God om ons te verlos van

ons ellende. Wéét vandag verseker dat God ‘n doel het met elke ding in jou lewe! Leef, soos Paulus, voluit vir Hom en wanneer die swaarkry jou tref, wees dankbaar, want êrens agter dit is ‘n groot doel wat jy dalk nie nou sal verstaan nie. Maar God weet waaroor dit gaan en daarom kan ons dit met vertroue aanvaar.

Gebed:

Here, leer my asseblief om U wil met blydskap te aanvaar, selfs al moet ek ly.

# 9

# ‘n Spesiale Gebed vir Jou

## Efesiërs 3:14-21

**VIDEO * OUDIO**

Mense is mos lief daarvoor om te kla oor ’n predikant se preke: hulle is te lank, te vervelig, te soetsappig, te ongemaklik. En dan die een wat ek al soveel keer gehoor het, is dat hy dinge te veel herhaal. ‘n Predikant sê eenmaal, toe iemand weer kla omdat hy iets kwansuis te veel herhaal het, dat as dit nodig is, sal hy dit wéér en wéér herhaal!

Is dit dan werklik nodig om dinge oor

en oor te sê?

As jy ‘n ouer is met jong kinders, sal jy sékerlik weet dat jy elke aand met badtyd dieselfde rympie moet herhaal: “Was agter jou ore; onthou jou hare; moenie die héle badkamer natmors nie……!” As jy dit nie weer en weer herhaal nie, gaan dit net eenvoudig nie gebeur nie. “Maar ek is mos nie ‘n kind nie!” sou jy dalk wou protesteer. Almiskie! Maar daar is sommige dinge in die lewe wat jy oor en oor móét hoor, anders vergeet jy baie gou en jou geloof verswak.

Iemand wat nie dikwels in die kerk

kom nie, dwaal baie vinnig al verder en verder van God af, al is hy ‘n gelowige. In die kerk word jy herinner aan jou verhouding met God, nie alleen deur die preek nie maar ook deur medegelowiges. Jy het seker al opgemerk dat sommige idees ook oor en oor herhaal word in hierdie oordenkinge. Van God se liefde en genade kan ons net eenvoudig nóóit genoeg hoor nie!

Paulus is inderdaad in hierdie opsig ook geen uitsondering nie en op alle moontlike maniere herhaal hy die feit oor en oor dat gelowiges hulle redding alleen aan God te danke

het. Op géén ander manier is daar redding, behalwe deur Jesus Christus nie! As God die gelowige nie gered het en sy kind gemaak het nie, sou hy beslis verlore gewees het. Kan dit ooit genoeg gesê word? O, uit eie ondervinding weet ek dat as ek dit nie dikwels hoor nie, begin ek naderhand daarvan vergeet en dink ek dat ek my eie heil kan uitwerk. Ek begin glo dat dit my eie prestasies en goeie hoedanighede is wat vir my redding bring!

Paulus doen in hierdie Skrifgedeelte voorbidding vir die lesers. Dalk het Paulus dit só nodig gehad op

daardie stadium in die tronk, om ‘n slag aan homself te dink en dalk vir God te vra om hom te verlos uit sy ellende. Tóg is daar nie eers sprake van nie. Sy gebede gaan nie oor sy eie ellendige lot nie, maar oor diegene wat sy brief lees.

Let egter mooi op waaroor sy gebed gaan. Dis beslis nie oor materiële dinge nie! Nie dat hulle groot rykdom sal hê, of dat dit liggaamlik met hulle goed sal gaan nie. Nee, sy gebed gaan oor die belangrikste van alle dinge - dít wat wérklik saakmaak! Hy bid dat elkeen wat die brief lees (en natuurlik sluit dit ook vir jou en my

vandag in), innerlik, oftewel geestelik sterk sal word! Dat God deur die Heilige Gees vir ons daardie krag sal gee uit die rykdom van Sy heerlikheid. Daardie wonderlike “Kragbron” is tot ons elkeen se beskikking. Dit is ‘n absoluut-onuitputlike Bron, gevoed uit die onmeetlike rykdom van God. Waarom sal ons dit dan nie gebruik nie?

Hy bid ook dat Jesus Christus deur geloof in ons harte sal woon. Die feit is dat Jesus nie gesmeek hoef te word om in ons harte te woon nie. Hy staan alrééds in afwagting

gereed vir ons om oop te maak. Dit is eintlik óns wat gesmeek word om Hóm toe te laat!

Verder bid Paulus dat ons in liefde gewortel en gegrondves sal wees. Jesus het alreeds álles gedoen! Hy het ons vrygekoop, saligheid en lewe gegee en boonop óók vir ons die Heilige Gees gegee. Hy het selfs vir ons 'n voorbeeld kom stel hoe om liefde prakties uit te leef. Nou smeek Hy by ons om ook daardie liefde in óns lewens te implementeer op álle lewensterreine. Nee, nie sommer net hier en daar 'n blykie van liefde nie, maar dit moet 'n integrale deel

word van ons daaglikse bestaan.

Ek dink nie ons kan ooit begryp hoe ver Jesus se liefde strek nie. Deur egter liefde te leef, begin jy so ‘n ietsie ervaar van die onmeetlike omvang van Sy liefde. Paulus se gebed is dan ook dat ons intensief bewus sal word van daardie liefde wat alle verstand te bowe gaan. Hy wil hê dat ons totaal en al vervul sal word met die liefde en daarmee saam die volheid van God.

Jy sê dalk dat hierdie hoë gedagtes alles slegs wensdenkery is? Nee, beslis nie! Dit is binne die bereik van elke gelowige. Maak net jou hart,

lewe en verstand oop daarvoor en die Heilige Gees sal die res doen.

Wanneer dit dan die dag met jou gebeur dat jy meegevoer word tot ‘n geestelike hoogtepunt, durf jy nóóit geestelik hoogmoedig raak nie. Dan moet jy besef waar jou krag en spiritualiteit hulle oorsprong het. Dit is God alleen wat jou daardie dinge onverdiend kan gee, en nog oneindig baie meer as wat ons menslike verstand kan verwerk. Ja, aan Hom alleen kom al die eer, lof, dank en aanbidding toe! Ons durf nooit óóit die eer vir onsself toeëien nie, want in Hom, deur Hom en tot

Hom is alle dinge, in die hemel en op die aarde.

Gebed:

Here, God-Almagtig, ek val vanoggend in aanbidding voor U neer, want sonder U is ek niks. U is die Een wat my lewe en krag gee. Dankie Here, dankie!

# 10

# Is Kerkeenheid Ooit Moontlik?

# Efesiërs 4:1-16

**VIDEO * OUDIO**

Kolonel James Stevenson-Hamilton was die eerste parkhoof van die Kruger Wildtuin, oftewel die Sabi Park, soos dit toe bekend gestaan het. Die natuur en die veld was in sy bloed, en met groot passie het hy begin om die wildtuin op te bou. Hy het baie hard gewerk om hierdie lap dorre aarde, wat toe byna gestroop was van al sy diere, te omskep in die wêreldberoemde park waar mense deel kon word met die natuur

en die wildlewe geniet. Hy het egter ‘n paar dinge totaal verkeerd verstaan. Sy een groot doel was om ontslae te raak van al die roofdiere wat die kosbare bokke so opvreet. Leeus is voor die voet uitgeroei om ‘n veilige eenheid te skep in die wildtuin. Vandag is dit natuurlik algemene kennis dat meeste besoekers juis gaan om die leeus te sien! Dit was byna ‘n fatale fout. Die sukses vandag in die Kruger Wildtuin lê juis in die verskeidenheid binne die eenheid en die wonderlike balans van die natuur waar elkeen sy nis het, of dit nou bok, vis, voël, olifant, boom of roofdier is.

Presies dieselfde geld op kerkgebied, waar die tradisionele kerke (NG Kerk ens.) ‘n klompie jare gelede baie giftig was teenoor die kerke wat ‘n gemakliker aanbiddingstyl handhaaf, soos die AGS en Volle Evangelie. Hulle is uitgekryt as “sektes” en “baie gevaarlik!” Later weer is die prentjie omgekeer, toe daar venynige aanvalle uit húlle geledere gekom het teenoor die tradisionele kerke, omdat hulle “morsdood” was en totaal verkeerd doop.

Dankie tog, daardie tyd is verby! Kerkleiers het begin insien dat daar

wél verskille binne die Kerk van Christus kan wees terwyl daar steeds ‘n hegte kerkeenheid gehandhaaf kan word. In Christus is ons tog immers almal een ten spyte van ons verskille. As ons mooi gaan dink oor die verskille, sien jy dat daar júís verskillende aanbiddingstyle nodig is, want mense is verskillend ingestel en die verskeidenheid bied vir elkeen sy plekkie waar hy gelukkig voel. Inderdaad is daar nog steeds mense wat baklei oor hierdie verskille, maar hulle is gelukkig in die minderheid.

Die vraag is, hoe handhaaf jy ‘n

werkende eenheid te midde van groot verskille? Paulus verduidelik dat jou belydenis moet klop met die manier waarop jy prakties leef. Eenheid kan dus nie reggepraat word nie, maar dit begin by elke gelowige om dit prakties reg uit te leef. Vir eenheid is dit van die uiterste belang om Efes. 4:2 jou eie te maak: "Verdra mekaar met volkome nederigheid en saggeaardheid, en met geduld in liefde." Kerkeenheid is onmoontlik sonder hierdie kwaliteite. Maar dan moet ons ook onthou dat eenheid nie by mense begin nie maar by God. In vers 3 skryf Paulus: "Lê julle

daarop toe om die eenheid ***wat die Gees bewerk***, te bewaar deur die band van vrede.”  Hierdie eenheid durf ons nie wegsmyt nie! Ons moet dit positief nastreef en daarvoor werk deur in vrede met mekaar te leef. Dis beslis nie maklik nie, veral as die ander party begin klippe gooi en jy moet steeds vriendelik en geduldig bly en verdra so tussen die koes vir die klippe deur.

Soms lyk dit vir ons asof die verskille net eenvoudig te groot is. Die verskillende kerke van Ballito het ‘n paar jaar gelede gesamentlike dienste gehou, waar elke kerk die

geleentheid gekry het om ‘n deel van die diens te behartig. Daar was gewoonlik ‘n ongemaklike stilte wanneer dit die NG Kerk se beurt was, want party groepe was gewoond om lewendig mee te doen en nou gebeur daar byna niks! Wanneer dit weer húlle beurt is, staan die tradisionele groepe ongemaklik en rondtrippel, want hulle is nie gewoond aan ‘n gedansery en al die “lawaai” nie. Hoe kan daar eenheid kom as die verskille so groot is?

Paulus lê klem daarop dat ons duidelik moet besef dat daar net één

liggaam en net één Gees en één hoop en één Here, één geloof, één doop en één God en Vader van álmal is (v. 4-6). Wat God een gemaak het durf ons nie uitmekaar skeur nie!

Eenheid te midde van verskille, beteken dat ons vir mekaar ruimte moet gee. Ons mag nie vir mekaar probeer voorskryf wat die regte ding is om te doen nie, want sê nou net ék is eintlik die een wat verkeerd is! Net so is dit verkeerd om kunsmatig bymekaar te voeg wat nie saam kan funksioneer nie. Daar is al vir baie jare pogings om die drie

“susterkerke” (NG, Gereformeerde en Hervormde kerke) saam te voeg, maar keer op keer misluk die samesprekings. Waarom? Selfs tussen hierdie drie kerke het daar totaal verskillende aanbiddingstyle ontwikkel. Alhoewel hulle feitlik presies dieselfde gedagtes deel, is die een baie konserwatief en styf terwyl die ander soms neig na die charismatiese.

Kerkeenheid begin nie by kerkleiers nie, maar by jou en my persoonlik. As ek en jy na mekaar kyk en nie die verskille raaksien nie maar eerder die wonderlike Skrifwaarhede wat

ons deel, is die helfte van die stryd gewonne. Nou kan ons die verskille met beskeidenheid, geduld en vriendelike, innige liefde mekaar gun en saam gesels oor die dinge wat werklik saakmaak!

Gebed:

Here, ek loof en prys en dank U vir die wonderlike eenheid wat besig is om pos te vat onder ons verskillende kerke. Help my om positief en prakties verdere eenheid na te streef en uit te leef.

# Begeertes

## Efesiërs 4:17-24

**VIDEO * OUDIO**

Paulus pleit vanoggend by ons: "*Julle moenie meer soos die heidene met hulle niksbeduidende gedagtes leef nie.*" Die heidene van daardie tyd was natuurlik al die nie-Joodse volke wat rondom die Middellandse see gewoon het. Die stories wat jy hoor, van hoe meeste heidene geleef het, laat die hare op jou nek regop staan! Dronkpartytjies en seksorgies was 'n alledaagse. Die skokkende is dat baie van

hierdie vulgêre dinge juis in die tempels van hulle afgode bedryf was! Daar was in sommige gevalle selfs amptelik tempelhoere in die tempels aangestel! Uit die Griekse geskiedenis sien jy ‘n magdom afgode wat mense aanbid het. Sommige van die asemrowende tempels staan vandag nog.

Aan die anderkant van die prentjie was daar die Romeine. Hulle het die ganse wêreld oorwin deur hulle oorlogmasjien wat net eenvoudig oor alles en almal gestoomroller het. Diegene wat nie wou saamspeel nie is eenvoudig vernietig! Die

Roemeine was bloeddorstig, nie alleen in hulle oorloë nie, maar ook in hulle ontspanning. Die Kolosseum pryk vandag steeds in Rome as monument vir die talle mense, veral Christene wat daar ‘n grusame dood gesterf het. Vriende was gedwing om teen mekaar te veg tot die dood toe. Christene is lewendig vir leeus gevoer of deur gladiators vermorsel tot groot vermaak van die Romeine! Alles net om die mense se onversadigbare bloedlus te bevredig!

Maar dan was daar ook natuurlik al die onderstrominge tussen die

manne in die boonste gestoeltes in hulle begeertes na mag. Verraad, korrupsie, moord, rugstekery (letterlik en figuurlik) was aan die orde van die dag en selfs die keisers het dit nie ontkom nie!

Verskriklik! Afgryslik! Ja, dit is seker so, maar is dit nie maar presies wat vandag gebeur nie? Dikwels is dit vandag selfs nog baie erger! Dronkpartytjies is steeds aan die orde van die dag en die skokkende is dat dit deesdae nie ‘n skande is om met ‘n babelaas by die werk op te daag nie, jy spog eerder daarmee! In die kroeg spog die

manne oor hoeveel “onskuldige” meisies hulle al op hulle kerfstok het en wanneer ‘n klomp vrouens partytjie hou hoor jy nét so hoeveel mans hulle al verlei het!

Die afgodstempels van vandag het dalk so ‘n bietjie verander, maar hulle is steeds daar. Die flikkerliggies van die talle dobbelhuise in ons land skyn dag en nag helder. Slaafs kom offer mense hulle geld en besittings aan die god wat meer en meer en meer vra. Soms gee hy iets terug, om dit maar net weer later alles in te sluk. ‘n Ander soort afgodstempel is die talle

ontkleeklubs en die hordes bordele. Inderdaad is bordele onwettig, maar die owerhede draai gerieflikheidshalwe maar die kop weg en maak of hulle niks sien nie, want baie van hulle kuier sélf daar!

Ook die bloeddorstige geweld van daardie tyd het ons vandag nie vrygespring nie. Moord, verkragting, roof, kapings en molestering is 'n alledaagse. Korrupsie, rugstekery, bedrog en diefstal is maar deel van die lewe, tot in die héél hoogste gestoeltes in ons land.

As Paulus vra dat ons asseblief nie soos die heidene moet leef nie, is

ons eerste reaksie sommer dadelik: “Maar Christene maak hulle mos nie aan sulke dinge skuldig nie!” Rêrag? ‘n Baie bekende predikant het ‘n paar jaar gelede ‘n dringende veldtog teen dobbelary geloods nadat hy sélf daarin verval het en verswelg is deur die dobbelduiwel. Slegs genade het hom uit daardie modderpoel gered. Ja, tragies is dit gewoonlik slegs die predikante wat struikel wat die nuus haal. ’n Tyd gelede was ‘n paar predikante in die nuus wat by molestering en owerspel betrokke was. Iemand het per geleentheid vertel van ‘n predikant wat by hom kom pleit het

om hulp omdat hy vasgevang was in ‘n rottingspoel van pornografie.

Ek noem hierdie dinge slegs om te wys dat niemand onfeilbaar is nie, nie eers die dominees en pastore nie. Talle Christene is ingesuig deur die dobbelhuise. Dit begin met ‘n onskuldige aandjie van pret saam met ‘n paar vriende, en voor jy weet waar jy is, is jy vasgevang in daardie net! Dieselfde geld vir al die ander verleidelike dinge van die wêreld. Dit het alles te doen met begeertes, sondige begeertes wat jou al hoe meer verteer. ‘n “Onskuldige” flirtasie kan begeertes in jou wakker

maak wat later ‘n onblusbare vuur word en in ‘n tragedie eindig.

Paulus pleit vandag by ons, dat as ons in sulke dinge verval het, ons moet ontslae raak van daardie ou mens wat as gevolg van sy misleidende drange vergaan. (v. 22) “Julle moet eerder in die aard van julle denke vernuwe word en die nuwe mens as kleed aantrek,” vra hy in vers 23.

Christus het vir ons ‘n voorbeeld gestel oor hoe om te lewe. Hy het gewys dat jy voluit kan leef sonder om jou oor te gee aan losbandigheid. ‘n Gelowige se lewe

hoef geensins saai en lang-gesig te wees nie, maar bly weg van die dinge wat sondige begeertes in jou kan opwek. Vul jou lewe met mooi dinge, en daar sal nie meer plek wees vir die sondige nie. As jy besig bly met opwindende aktiwiteite wat volgens God se wil is, sal daar net eenvoudig nie tyd wees om te tob oor begeertes wat jou na die verderf lei nie!

Gebed:

Rig asseblief vandag my lewe sodat ek volkome volgens U wil sal leef en heilig sal wees soos wat U van my vra.

12

# Riglyne vir die Lewe

# Efesiërs 4:25-5:5

**VIDEO * OUDIO**

Sannie was smoorverlief op Sarel, hy was die held van haar lewe, haar ridder op die wit perd. Sarel het haar gevra om met hom te trou, en hulle het verloof geraak. Maar toe gebeur ‘n verskriklike ongeluk en pas voor hulle troue is hy dood. Sannie was verpletterd! Sy wou nooit weer daardie trauma deurgaan nie, en dus het sy maar ‘n oujongnooi geword en op die rak gaan sit.

Vir dertig jaar het sy gedoen wat sy wou en dikwels in allerhande onbetaamlike dinge betrokke geraak. Sy het boonop ‘n moeilike mens geword wat haar sin gekry het in die lewe.

Op 50 ontmoet sy egter vir Karel, ‘n aantreklike wewenaar, en skielik blom die liefde weer en die tweetjies het toe ook getrou. Geleidelik begin Sannie besef, dat sy vir Karel baie ongelukkig maak met haar selfsugtige gedrag. Sy sou haar lewe drasties moes verander om sy liefde te behou. Dit was beslis nie maklik om haar gedrag wat deur

baie jare ingewortel was, om te keer nie.

Gister het ons gesien hoe sondige begeertes lewens kan verwoes, nie net jou eie nie, maar ook ander s'n. Paulus gee nou praktiese riglyne vir hoe jy daardie begeertes moet hanteer. As jy die dag in 'n verhouding is met Jesus, beteken dit ook dat daar sekere verantwoordelikhede op jou pad kom om hierdie verhouding te maak werk. Dit beteken dat jy sal moet breek met daardie sondes in jou lewe en dat jy daarna streef om volkome volgens God se wil te leef

en heilig te wees. Paulus se riglyne is maar enkele voorbeelde van hoe ‘n gelowige se lewe behoort te verander.

Sy eerste riglyn is om die waarheid onder mekaar te praat. Leuens is giftig en dit sal enige verhouding vernietig. Leuens in ‘n huwelik byvoorbeeld, is die maklikste manier om enige huwelik in die skeihof te laat beland. Binne ‘n gemeente vernietig leuens die eenheid van die gemeente en dit bring konflik. Wedersydse vertroue word ondermyn en dan is rusies en kwaaivriendskap die gemeente se

voorland. Die waarheid mag dalk op die kort termyn seermaak, maar op die lang termyn bind dit die gemeente saam as ‘n hegte eenheid.

Paulus se tweede riglyn is om nie te sondig as jy kwaad word nie. Nee, dit beteken nie dat jy nooit kwaad mag word nie, maar jou optrede as jy kwaad word bepaal of jy sonde doen of nie. Selfs Jesus het kwaad geword toe Hy sien hoe die tempel ontheilig word. Goeie raad is om altyd eers tot tien te tel as iets jou bitterlik ontstel, sodat jy genoeg tyd het om nugter te dink oor jou

reaksie. ‘n Voorbeeld: Iemand ry teen jou blinknuwe motor vas, en jy is woedend. “Wat dink jy doen jy!” skree jy vir hom terwyl jy uit jou motor storm. Jou woede ontlok sy woede, en julle skree op mekaar.

Dink eers nugter oor die situasie voordat jy reageer. Ja, hy wás dalk verkeerd en hy het moontlik nie gekyk waar hy ry nie. Maar dink jy dat enige regdenkende mens dit opsetlik sou gedoen het? Waarom dan op hom skree? Om kalm uit te klim en die saak rustig met hom te bespreek, ontlont die situasie en bring tien teen een ‘n oplossing. ‘n

Padwoedeuitbarsting het al menige mense se dood gekos. Dit vernietig jou eie gesondheid, verbreek verhoudinge en gee die duiwel ‘n vatkans op jou lewe! Elke gelowige het die wonderlike voordeel dat jy die Heilige Gees het om jou te help om jou kwaad-word reg te kanaliseer. Vertrou Hom daarin!

“Diewe moet ophou steel”, sê Paulus, “en werk om ook vir iemand anders iets te kan gee.” As jy ’n gelowige is, moet jy ophou om te vat wat nie aan jou behoort nie. Ongemagtigde privaat telefoonoproepe op jou werk se

rekening, belasting wat skelm van die staat weerhou word, werktyd waar jy ginnegaap en sodoende jou baas se tyd steel ……. daar is ’n magdom voorbeelde.

‘n Groot sondebok in baie gelowiges se lewens is vuil taal. Daardie vieslikheid mag nie deel van jou woordeskat vorm nie. Die spreekwoord lui: “Wat die hart van vol is loop die mond van oor.” As jou mond oorloop van vuil taal, dui dit op ‘n vieslike binneste. Ek wonder soms oor sommige van ons land se top komediante, wat nie ’n vertoning kan gee sonder ’n stortvloed van

vulgêre taal nie. Ek kan dit net eenvoudig nie hanteer nie. As Christus die middelpunt van jou lewe is, sal vuil taal nie eers 'n opsie wees nie.

"Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar en vergewe mekaar." God het ál ons sondes vergewe. Natúúrlik beteken dit dat ek ook ander sal vergewe om só God se onvoorwaardelike kwytskelding te weerkaats. Ons bid immers dat God ons sondes sal vergewe soos ons ook diegene vergewe wat teenoor ons gesondig het!

Hartlikheid en goedgesindheid moet ‘n integrale deel wees van enige gelowige, want dit is ‘n kenteken van liefde.

Paulus vra van ons iets wat feitlik onmoontlik lyk: “Leef in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het.” Natuurlik kan ons nie eers naby Jesus se liefde kom nie, maar ons moet streef om ons liefde prakties uit te leef teenoor almal, selfs teenoor ons vyande!

Die laaste riglyn wat Paulus gee, is dat vuil praatjies, onsedelikheid en gierigheid nooit deel van ‘n gelowige se lewe mag wees nie. Ons raak só

maklik aan vuil praatjies gewoond, sodat dit jou later gladnie meer pla nie. Langs die braaivleisvuur neem jy sélf lustig daaraan deel! Dit dra beslis nie die getuienis van jou verlossing uit nie. Nog minder onsedelikheid of gierigheid, want hierdie is dinge van die wêreld, persoonlik aangestook deur die duiwel! ‘n Grap hoef nie vuil te wees om skreeusnaaks te wees nie. Van die beste grappe wat ek óóit in my lewe gehoor het, was silwerskoon. Vul jou lewe met die mooi dinge sodat daar nie plek kan wees vir die lelike nie!

Gebed:

Here, help my asseblief om ontslae te raak van al die lelike dinge in my lewe. Vul my lewe met U wonderbare liefde, en help my om dit prakties uit te leef.

13

## Lig en Duister

## Efesiërs 5:6-20

**VIDEO * OUDIO**

Vyf en twintig jaar gelede, Marloth Park:

Ek en Mosbolletjie sit knus by die warm gloed van 'n knetterende vuurtjie. Die dansende vlammetjies

skep ‘n rustige, veilige atmosfeer en verdring die pikdonker wat bosse rondom ons verswelg. Die nag is pragtig as daar iewers ‘n skopsuiltjie rustig, koer-koer met sy maat gesels. In die verte steun-kreun ‘n leeu “Oemf-oemf.” Die ou wolf-met-die-mank-been (dis nou ‘n hiëna) “hoeeeep-hoeeep”, hinke-pink op soek na ‘n sappige been, of is dit dalk na sy maat? Ons voel veilig hier by die vuurtjie. Maar voel ons rêrag veilig?

‘n Takkie kraak. Ek en Mosbolletjie vlieg gelyk om met bonsende harte. Die kragtige flitslig se straal klief

deur die pikdonker. Daar is niks! Wat sou dit wees? Elke donker hoekie van die bos word noukeurig gefynkam met die verblindende ligstraal.

Tevrede sit ons weer terug en ontspan. Tóg is daar iewers in jou agterkop ‘n stemmetjie wat fluister: “Daar is iets in die pikdonker! Hy hou ons dop en hy is baie onheilig!”

‘n Leeu brul skielik baie hard en ek wip soos ek skrik! Ek probeer myself kalmeer, dat daai leeu nog ver is, seker daar onder by die Krokodilrivier. Aag, ons is veilig hier! Maar die stemmetjie gesels weer:

“Daardie leeu kan gemaklik dertig kilometer per uur hardloop - dus kan hy hierdie ou kilometertjie in twee minute kafdraf!” Ek skuif nader vuur toe…….

Met gereelde tussenposes word die donker om ons gefynkam vir enige vorm van lewe - mens weet mos nooit! Dis mos nie net leeus wat in die donker rondsluip nie - hier kan skelms ook wees!

Dit is tóg interessant dat alles wat onheilig is in die donker gebeur. Rowers wag gewoonlik totdat dit pikdonker is voordat hulle jou huis beroof. Leeus lê bedags en slaap,

maar as die nag sy donker kombers oor die bos gooi, dan is hulle op en wakker! En honger! Ek onthou nog baie goed hoe my hart in my keel geklop het, daardie nag toe my motor in ‘n modderpoel vasgeval het onder langs die Krokodilrivier. Ek en ‘n vriend moes in die pikdonker huistoe stap deur roofdierbesmette bosse, gewapen slegs met ‘n flits met pap batterye! Ek was nog nooit in my lewe so bly om die huis te sien nie!

Allerhande ander soorte onheilighede broei ook snags uit. Dis mos die tyd wanneer bordele

flink sake doen en die dobbelhuise vol raak. Dit is ook juis dán wanneer die manne goed gesuip kan raak en wat alles wat onverantwoordelik en losbandig is gebeur. Dit is asof alles wat sleg is bang is vir die lig! Selfs in die natuur is dit al die gevaarlike en sinistêre kriepiekrôlies wat in die donker rondsluip soos roofdiere, bloedsuiende vlêrmuise, rotte en skerpioene. In die helder sonskyn kom die kleurvolle, vrolike, kwetterende voëltjies, bokkies en skoenlappertjies egter uit om die lewe op te helder!

Nou speel Paulus júís die duister af

teenoor die lig. Ongelowiges het eens vroeër in die duister geleef, maar nou verlig God se helder lig ons lewens. Daarom moet ons nie meer leef soos iemand wat steeds in die duister is nie, maar eerder soos mense van die lig. Ek moet my ook nie laat mislei deur mense wat steeds ‘n duistere lewe lei nie. Dit beteken nie dat ek niks met sulke mense te doene mag hê nie! Inteendeel, dit is júís elke gelowige se plig om die Lig vir so ‘n persoon aan te bied as wonderlike alternatief vir die verlorenheid van die duister waarin hy leef.

As ‘n mens van die Lig moet ek myself gedurig afvra of dít waarmee ek besig is, aanneemlik is vir die Here? Sou Hy werklik wou hê dat ek dit doen? As ek nie positief oor hierdie vraag kan antwoord nie, dan moet ek dit uitlos! “Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie!” Bly weg van hulle af! Moenie eers gesels oor die geheime dinge van goddeloses nie, want dit is ‘n skande! Dis nie ek wat so sê nie, maar Paulus!

Dit beteken nie dat ek net eenvoudig my oë moet toehou vir alles wat verkeerd is nie. Inteendeel, ek moet

júís iets daadwerkliks daaromtrent doen. “Stel dit aan die kaak!” sê Paulus. Nee, ek moenie ligsinnige praatjies daaroor maak nie, maar ek moet die bose dinge uitwys en standpunt daarteenoor inneem. Stilswye is ook ‘n vorm van goedkeuring!

Die gedagte is dat duister dinge vervang moet word met lig. Slegte dinge moet dus vervang word met die goeie en nuttige. Moenie net hande gevou sit en pragtig lyk nie, maar maak gebruik van elke geleentheid. Koop die tyd uit! In plaas van om in ‘n kroeg rond te

hang en te suip, moet ek my eerder daarop toelê om ‘n Geesvervulde lewe na te streef. Eerder as om vuil liedjies op ‘n rowwe partytjie te sing, moet my lewe weerklink met lofliedere tot eer van God, opreg en diep uit my hart uit. Ek moet soek na die wil van God. Soek na antwoorde uit die Skrif en delf diep om uit te vind wat die Here se doel met my lewe is en wat Hy wil hê dat ek moet doen.

Ten slotte moet ek dankbaar leef en dankie sê vir elke ding wat na my kant toe kom!

Gebed:

Here, dankie dat U my uit die duister gered het na U wonderbare lig toe. Gee asseblief vandag vir my ‘n jubeling in my hart.

14

# Huweliksverhoudinge

# Efesiërs 5:21-33

**VIDEO * OUDIO**

Het jy al ooit voëls dopgehou gedurende broeityd? Hoe hulle nesmaak en kleintjies uitbroei? Ek staan dikwels verstom wanneer ek al die bedrywighede gadeslaan. Die passie waarmee wewermannetjies behendig ‘n nes vleg om maar net verwerp te word deur ‘n kieskeurige wyfie! Dis egter veral die neushoringvoëls wat my verbeelding aangryp. Die wyfie word saam met die kleintjies in ‘n gat in ‘n boomstam

toegemessel, met slegs ‘n klein gleufie wat oop bly. En daar bly hulle totdat die kleintjies groot genoeg is om uit te kom.

Ma se taak is eenvoudig: sy moet die kleintjies suksesvol grootkry en hulle kry haar onverdeelde aandag 24 uur per dag. Pa se taak is ewe eenvoudig, dat daar soveel kos as moontlik nes toe aangedra word, sodat die kleintjies vinnig kan groei. Natuurlik moet ma ook oorleef! Sy het immers al haar vere vir die kroos uitgepluk en genoeg kos is nou noodsaaklik om haar veredos weer mooi te kry.

Pa-neushoring het net een ding in sy gedagtes: vroulief en die kroos. Van vroeg tot laat sloof hy homself af vir hulle, sonder om aan sy eie welstand te dink. Hy stop net so af en toe om haastig ietsie te sluk en dan is dit maar weer werk, werk, werk. Kort-kort hoor jy die kleintjies skree dat Pa nou moet róér, want hulle is honger! Vir Ma hoor jy egter nooit skree op haar hardwerkende man nie. Laat mens nogal dink né?

Die Bybelse voorskrif vir verhoudinge binne die huwelik word dikwels moedswillig verkeerd verstaan. Ons lees graag: “Vrouens,

wees aan julle mans onderdanig" (vers 22), en dan haak ons net daar vas, en lees nie die res nie. Om die hele gedeelte reg te verstaan, moet ons egter by vers 21 begin lees, want hier staan dat gelowiges aan MEKAAR onderdanig moet wees uit eerbied vir Christus! Die opdrag aan die vrou om onderdanig te wees aan haar man, is deur die eeue gruwelik misbruik. Nêrens staan daar dat die man baas is en die vrou sy slaaf nie! Tóg is dit hoe baie mans dit dikwels interpreteer en dan só op sy arme vrou afdwing.

Want dis mos Bybels!

Dit is eers wanneer ons verder lees, dat ons sien dat die opdrag aan die man is om sy vrou só lief te hê soos Christus die kerk liefgehad het. Hoe lief het Hy die kerk gehad? Hy het selfs sy lewe daarvoor afgelê! Hierdie twee opdragte, asook die een in vers 21 moet saamgelees word as ‘n eenheid. Die man en vrou moet dus aan mekaar onderdanig wees. Die vrou het egter ‘n besonderse opdrag om die leiding van die man in die huwelik te aanvaar. Terselfdertyd het die man ’n besonderse opdrag, nie om baas te wees in die huwelik nie, maar die liefhê-ding. Ons het oor en oor

gelees dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê, maar in die huwelik moet hierdie liefde ‘n stappie verder geneem word. Net soos daardie neushoringvoël onbaatsugtig, nie aan homself dink nie, maar slegs sy vroutjie se belang soek, so moet die man se liefde vir sy vrou totaal selfverloënend wees!

Die verhouding binne ‘n huwelik word vergelyk met die verhouding tussen Jesus en die kerk. As ons maar net gaan kyk na Jesus se lewe as Mens, dan is daar ‘n paar baie interessante dinge wat na vore kom. Jesus het op alle terreine

onvoorwaardelik die leiding geneem, nogtans het hy nie die dissipels of Sy volgelinge oorheers nie. Nóóit het ons gesien dat Hy sou terugsit en dat hulle die werk moes doen nie. Nee, Hy was al die tyd saam met hulle in die tuig. Ons sien nêrens dat hulle Hom moes bedien nie. Om die waarheid te sê: Hy het eerder húlle vuil voete gewas! En toe die moeilike tye kom was Hy bereid om die pad enduit alléén verder te stap en Sy lewe op te offer vir Sy volgelinge. Van die dissipels is egter verwag om Sy leiding te volg en onderdanig aan Hom te wees.

As hierdie soort riglyn in ‘n huwelik geld, kan dit nie anders as om ‘n reuse sukses te wees nie. As ek my vrou só selfopofferend liefhet soos Christus Sy kerk, kan dit nie vir haar moeilik wees om aan my onderdanig te wees en my leiding te aanvaar nie. Terselfdertyd is dit ook waar, dat as ‘n vrou haar man baie spesiaal laat voel deur haar optrede, deur byvoorbeeld te wys dat hy die enigste een vir haar is en dat hy die koning in hulle huis is, dan kan dit nie anders as om sy liefde vir haar na groot hoogtes aan te spoor nie.

Die huwelik is beslis nie ‘n

eenmansaak nie, maar ‘n hegte vennootskap waaraan albei partye ewe hard werk. Elkeen moet sy kant bring met volle oorgawe. Terselfdertyd moet beide ook besef dat Christus alleen die Hoof van die huisgesin is.

Hoe wonderlik dat die omgekeerde ook waar is, dat die huwelik juis gebruik word om die verhouding tussen Jesus en die kerk te demonstreer. In vers 32 pas Paulus hierdie verhouding toe en sê dat my huweliksverhouding sodanig moet wees dat mense die kerk daarin kan sien. Dit plaas ‘n geweldige

verantwoordelikheid op my huwelik, want ek moet besef dat God my huwelik gebruik om die ongelowige iets te laat begryp van die wonder van die verhouding tussen ons, die bruid en Jesus Christus die Bruidegom.

Gebed:

Here, daar is so baie terreine in my huwelik waar ek ver tekort skiet. Help my asseblief om hard daaraan te werk.

15

# Rebelse Kinders

## Efesiërs 6:1-4

**VIDEO  *  OUDIO**

As ons gedink het dat verhoudinge in die huwelik ‘n probleem is, dan moet ons weer ‘n slag dink, want hier spreek Paulus nou twee baie netelige verhoudingsprobleme aan: dié tussen ouers en kinders asook dié tussen slaaf en eienaar.

Vandag is die verhouding tussen ouers en kinders in menige huishouding ‘n baie teer sakie! Dit wil net lyk asof ouers géén beheer

oor hulle kinders meer het nie. Kinders ruk totaal handuit en hulle is dikwels totaal onbeheerbaar, veral as hulle die tienerjare bereik. Dikwels is dit egter die kleintjies wat alrééds handuit ruk en hulle arme ouers grys maak voor hulle tyd!

Hier in Ballito sien ons die resultate baie duidelik elke jaar nadat die matrieks hulle finale eksamen geskryf het. Ons dorp word letterlik oorstroom deur die jongmense wat hierheen kom om die vakansie van ‘n leeftyd te kom hou. Vandalisme vier hoogty, dronkpartytjies, oorverdowende musiek en lawaai

dwarsdeur die nag. Vakansiewoonstelle word bemors en beskadig en daar is dikwels ‘n bakleiery. As jy hulle ouers daarvan laat weet, dan is die antwoord soos klokslag: “My kind sal nóóit so ‘n ding doen nie!”

Ongelukkig eindig dit nie by die matrieks se wegbreekvakansie nie. Ná hulle volg die studente wat eweneens vir almal die lewe kom versuur!

Wat het van ons samelewing geword? Wat het verkeerd geloop? Wat het in ons kinders gevaar? Waar het ons opvoeding van ons

kinders skeefgeloop?

Vir wat dit werd mag wees - een van die groot filosowe (ek dink dit was Plato) het geskryf dat “deesdae se kinders totaal onbeheerbaar geword het!” Hy het hierdie uitlating gemaak lank voor Christus se geboorte. Die probleem is al so oud soos die berge. Die “Generasie Gaping” word dit dikwels genoem.

Maar kom ons begin by die begin: In ‘n gelowige gesin het ouers en kinders ‘n verantwoordelikheid teenoor mekaar - ‘n gróót verantwoordelikheid! Kinders moet hulle ouers eer, selfs al is hulle

veeleisend en onredelik. Maar ouers moet ook hulle kinders met liefde grootmaak, selfs al is hulle moeilik en onaangenaam. Hierdie twee dinge kan egter slegs gebeur as dit geskied uit eerbied vir Christus, soos ons in Efesiërs 5:21 gelees het.

Paulus begin praat met die kinders en hy gee hulle twee opdragte. Hulle moet aan hulle ouers gehoorsaam wees en hulle eer. Hierdie is twee totaal verskillende dinge. Tot die dag wanneer 'n kind nie meer onder sy ouers se gesag staan nie, moet hy aan hulle gehoorsaam wees.

Eerbied vir jou ouers moet egter lewenslank duur. Dit is so tragies dat sommige ouers weggesmyt word wanneer hulle oud word. Hulle word êrens in ‘n tehuis vir bejaardes geplaas en van vergeet! As kind het jy ‘n verantwoordelikheid teenoor jou ouers wanneer hulle die dag oud is. Hulle moet dan stééds eer ontvang! Dit kan daartoe bydra dat hulle ouderdom ‘n seën word en nie ‘n las nie.

Ouers het egter óók ‘n baie groot verantwoordelikheid, om hulle kinders met liefde op te voed. Tug is ‘n baie belangrike hulpmiddel om

kinders op te voed. Ons moet egter baie mooi verstaan wat tug eintlik beteken, dat dit nie straf is nie, maar eerder ‘n liefdesaksie om ‘n kind die regte weg te leer. Om te skree en tekere te gaan, werk net eenvoudig nie! Om kwaad te word, nog minder. Lyfstraf is ‘n baie teer kwessie, waaroor ek my nie wil uitlaat nie. Dit is egter belangrik om só op te tree dat jy nie jou kinders opstandig maak nie. Jou optrede moet jou kind leer wat God se liefde en dissipline is. Dit moet beslis nie wys dat jy ‘n ongenaakbare of wispelturige tiran is nie!

Persoonlik dink ek egter dat die probleem veel dieper lê as die feit dat kinders nie gedissiplineer word nie. Die feit is dat kinders dikwels nie in die huis geleer word van al die Bybelse waarhede nie. Kinders wat grootgemaak word met Bybelkennis en geleer word wat dit beteken, raak selde rebels en onbeheerbaar groot.

Ongelukkig is ouers dikwels te besig om hulle kinders van Jesus te leer. Dikwels kan hulle nie, want hulle het sélf nie die basiese kennis om dit te doen nie! Die enigste oplossing is dus om die kinders na die kerk te neem sodat hulle dáár geleer kan

word van die Here en die Bybel. Ons mag dit egter nie alleen in die hande van die kerk laat nie, want wat ‘n kind tuis leer is van onskatbare waarde. As jy nie die kennis het nie, is daar talle puik boeke wat jy kan gebruik om jou kinders van God te leer.

Die ander saak wat natuurlik ook van uiterste belang is, is die voorbeeld wat ouers stel. Ek sien dikwels ouers by die kerk aankom om slegs hulle kinders te kom aflaai vir Sondagskool en dan weer terug te gaan huistoe, sonder om sélf by ‘n erediens uit te kom. Watter soort

voorbeeld is dit? En dan sien ek ook dikwels ouers wat skielik gereeld eredienste bywoon terwyl hulle kind in die finale jaar katkisasieklas is, net om ná die kind se belydenisaflegging nóóit weer in die kerk te kom nie!

Dan wonder ons nog wat skeefgeloop het met ons kinders! Hierdie is egter slegs die seekoei se oortjies! Ons kan ure gesels oor hierdie sensitiewe onderwerp!

Gebed:

Here, ons opleiding van ons kinders skiet so ver tekort. Help ons asseblief om dit reg te stel.

16

# Arbeidsverhoudinge

# Efesiërs 6:5-9

**VIDEO * OUDIO**

Ons is steeds besig met verhoudinge – dié in die huwelik, dié tussen ouers en kinders en nou kom ons by arbeidsverhoudinge.

Die volgende verhoudingssituasie wat Paulus aanspreek, is dié tussen baas en slaaf. Slawerny was daardie jare ‘n integrale deel van die gemeenskap. Dis tóg interessant dat Paulus dit nooit eers probeer veroordeel nie want dit sou net

moeilikheid beteken. Dit was in elkgeval iets wat al vir baie duisende jare ‘n integrale deel was van die samelewing. Inderdaad was wettige slawerny tot redelik onlangs toe nog ‘n algemene praktyk. Selfs ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis word gekenmerk deur slawe-arbeid en talle Suid-Afrikaners is vandag afstammelinge van slawe.

Slawe was “eiendom” sonder enige regte. Die eienaar van ‘n slaaf kon dus met hom maak wat hy wou. Hy was nie verplig om hom enige vergoeding te gee nie. Hy was egter moreel (nie wetlik nie) verplig om sy

slaaf goed te versorg. Hy was dus ‘n gevangene wat wetlik op géén voorregte kon aanspraak maak nie.

Wanneer ‘n slaaf egter gelowig geword het, het hy ‘n nuwe vryheid ontdek. Skielik moes hy nou verneem dat almal gelyk was in Christus. Daar was dus nou géén bande wat hom gebind het nie want Jesus het hom vrygemaak! Dit sou dan mos beteken dat hy en sy eienaar, wat moontlik ook ‘n gelowige was, óók gelyk sou wees! Daar was mos nou géén verskil meer tussen hulle nie!

Paulus wou keer dat slawe wat tot

geloof in Christus gekom het nie hierdie nuutgevonde vryheid van hulle sou misbruik nie, want dit sou die orde van die samelewing versteur. Daarom gee hy duidelike riglyne oor hoe hulle verhoudinge met hulle eienaars behoort te lyk. In kort kom dit daarop neer dat slawe en base verantwoordelik teenoor mekaar moes optree, uit eerbied vir Christus.

Dit plaas nou 'n totale nuwe perspektief op daardie slaaf se werksituasie. In vers 6 skryf hy: "Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so

in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen.”

Enkele slawe het deur harde werk uitgestyg en uiteindelik baie goeie posisies in die lewe bereik. Een so ‘n voorbeeld was Josef, wat uiteindelik die premier van Egipte geword het! Dieselfde ook met Daniël. Paulus wil dit egter beklemtoon dat dit nie hier moet gaan om jouself in ‘n beter posisie te plaas nie. Die klem moet dus verskuif van jouself na Christus. Die slaaf moet dus sy beste lewer om op daardie manier die Lig van Jesus uit

te straal. As sy eienaar dus miskien nog ‘n ongelowige is, moet hy op die een of ander manier die boodskap van die Evangelie kan lees in die deeglike en vreugdevolle manier wat hierdie slaaf sy werk verrig. Sy werk is nie meer ‘n las nie maar ‘n uitdaging om die Evangelie te verkondig, al is dit dan nie met woorde nie, maar met sy dade.

In ons situasie vandag staan jy as werknemer dikwels ook in diens van ‘n onredelike baas wat jou beskou as sy “eiendom” waarmee hy kan doen wat hy wil. Wanneer dit die geval is, moet jy by die situasie

verbykyk en jou éintlike “Baas”, Jesus Christus raaksien. Moenie jou werk halfhartig en met ‘n lang gesig doen nie. Moet dit ook nie doen bloot om jou baas te bevredig of vir jouself ‘n beter posisie los te werk nie. Werk egter met oorgawe en blydskap vir Jesus, die ware Meester in jou lewe. Straal Sy liefde en vriendelikheid uit ten spyte van jou werksomstandighede. Waarom? In die eerste plek om vir die Here daardeur dankie te sê vir Sy groot genade oor jou. Maar ook om hiermee die Evangelie uit te dra. Jy kan “preek” sonder om ‘n enkele woord te sê! Iemand wat liefde en

blydskap uitstraal en boonop nog sy beste lewer in moeilike omstandighede, maak ander mense honger om ook te wil hê wat hy het. Hierdie is die sterkste Evangeliepreek wat énigiemand óóit kan preek!

Onthou: Paulus se werksomstandighede was beroerd! Hy was in ‘n vuil, stinkende tronk! Tóg het talle mense tot bekering gekom, bloot omdat hy liefde en blydskap uitgestraal het.

Paulus praat egter ook met die gelowige eienaars van die slawe. Dieselfde gesindheid wat hy van die

gelowige slawe vra, verwag hy ook van die gelowige eienaars. Behandel jou slaaf met liefde. Hy is óók ‘n mens en boonop is hy ‘n skepsel van God! Julle het presies dieselfde Here, al is hierdie slaaf dalk op hierdie stadium nog ongelowig.

As gelowige baas het jy vandag óók groot verantwoordelikhede op jou skouers. Jy moet op só ‘n manier baas wees dat dit getuig daarvan dat jy die Here se Baasskap oor jou lewe aanvaar het. Jy is nie eintlik meer die grootbaas nie, maar Jesus is die éintlike Baas! Jy moet ook

duidelik besef dat in Jesus almal gelyk is en dat die een nie verhewe is bo die ander nie. Stel intens belang in jou werknemers, nie uit die hoogte nie, maar persoonlik op hulle eie vlak. Jy mag dalk nét verbaas wees dat hulle ‘n totaal nuwe soort respek vir jou openbaar en boonop ‘n baie beter diens lewer!

Gebed:

Here, my verhoudinge skiet dikwels so vêr tekort. Help my asseblief om dit met liefde reg te stel.

17

# In God se Weermag

# Efesiërs 6:10-17

**VIDEO * OUDIO**

In Januarie 1966 klim ek op die trein in Durban saam met ‘n klomp ander jong manne. Ons gaan “Aa’mie” toe! Ons arme outjies word verskree, vervloek, verjaag en verskrik. Stelselmatig het die kwaai manne met die strepies op hulle arms dit wonder-bo-wonder reggekry om ons fiks, gedissiplineerd en paraat te maak om volwaardige soldate te wees. Op daardie stadium was die vyand nog maar net iets fiktief - iets

wat in die offisiere se verbeelding leef. ‘n Paar jaar later het dit egter ‘n werklikheid geword, met ‘n Kommunistiese weermag wat opgebou het op ons noordelike grense. Uiteindelik het dit uitgeloop op ’n volwaardige bosoorlog. Ek was nooit opgeroep om in hierdie oorlog te gaan veg nie. Dit het in elkgeval vir my so sinneloos gelyk en ek het my soldaatskap maar baie ligtelik opgeneem. Terselfdertyd was ek bang, want ek het berigte gehoor van hoe die manne doodgeskiet word en vermink word deur landmyne. Toe die oorlog uiteindelik in my rigting kom, het ek my daaruit

gebid! My weermag ontslag het gekom nét voor ek grens toe moes gaan......

Ja, inderdaad is ek en jy ook soldate! Ons is soldate in God se weermag. Dit is tog só tragies dat ons dieselfde met ons geestelike soldaatskap doen. Dikwels is dit nie noodwendig omdat ons onwillig is nie, maar uit onkunde, of omdat ons bang is dat ons nie goed genoeg daarvoor toegerus is nie. As dit jou probleem is, het Paulus vanoggend wonderlike nuus: hy beskryf die wapenrusting wat God jou gee om vreesloos in Sy leër te kan veg.

Die feit is dat ons wél in ‘n oorlog gewikkel is en daarby kan ons nie verbykom nie! Hierdie oorlog sal bly woed tot die dag dat Christus weer kom en die finale veldslag gelewer word. Alle gelowiges is burgers van God se Koninkryk en as burger is jy outomaties deel van daardie weermag. Jy mag nie neutraal bly nie! Dit help ook nie om maar net in die loopgrawe te gaan lê en te hoop dat daar nie ‘n bom op jou kop val nie. Ons moet die vyand vierkant in die oë kyk! Dit mag ook nie net by kyk bly nie, want só kan g’n oorlog gewen word nie. Jy moet die regte wapen hê en jy moet jou wapen

gebruik!

Hierdie vyand is ook nie maar sommer so ‘n ou kleintjie nie. In 1 Pet. 5:8 word hy beskryf as ‘n brullende leeu wat soek om iemand te verslind. Dit is ‘n uiters gedugte, gevaarlike en geslepe vyand! Dit is egter nie teen mense wat ons te staan kom nie, maar onsigbare bose magte. Daardie weermag is saamgestel uit die gevalle engele wat onder Satan se beheer is. Hulle vorm ‘n reuse en gedugte leër wat daarop uit is om die kerk van Christus te vermorsel en om die mag by God oor te neem. Jesus het

egter gesê dat die magte van die doderyk, oftewel Satan se leër, nie die kerk sal oorweldig nie (Mat. 16:18).

Om egter staande te kan bly in hierdie verskriklike oorlog, het jy krag nodig, krag wat God deur Sy Gees vir ons gee met die wapenrusting wat Hy voorsien. God se wapenrusting is onfeilbaar, anders as die wapenrusting wat die aardse weermag gebruik. Luister net ‘n bietjie hoe mooi Paulus die wapenrusting beskryf. Hy doen dit uit beelde van ‘n soldaat se toerusting. Paulus het natuurlik elke

dag met soldate te doene gehad waar hy in die tronk was. Hy kon dus goed nadink oor die doel van elke item aan ‘n soldaat se mondering en toe pas hy dit geestelik toe.

Meeste van die goed in daardie mondering, was om die soldaat te beskerm sodat hy nie sommer maklik deur die vyand oorrompel kon word nie. Boonop moes dit hom beskerm teen die elemente. Stel jou die situasie voor: jy durf die destydse bosoorlog aan geklee in ‘n T-hempie, drafbroekie en ‘n paar plakkies! Om jou nek hang jou “getroue” kêttie om die “gevaarlike”

voëltjies te verjaag! Dis mos belaglik! Jy sal nie vir vyf minute oorleef in daardie gevaarlike omstandighede nie! Sonder die regte beskermende klere en toerusting is jy verlore!

Op geestelike terrein staan ons klaar midde in die geestelike oorlog wat rondom ons woed. Ek kan nie soos ‘n volstruis my kop in die grond druk en maak asof ek dit nie sien nie. Dit is ‘n werklikheid wat rondom my gebeur en wat my persoonlik raak. As ek nou met ‘n T-hempie en plakkies myself probeer handhaaf, gaan ek dit nie oorleef nie. Boonop

gaan ek van géén nut wees in die geveg nie. Ek moet die regte toerusting aantrek. Paulus weet presies wat nodig is vir my om staande te kan bly en boonop nuttig te kan wees in die Koninkryk.

Ek het nodig: die gordel van waarheid, die borsplaat van geregtigheid en skoene van bereidheid om te kan loop om die evangelie uit te dra. Boonop is die skild van die geloof en die helm van verlossing absoluut noodsaaklik. En natuurlik moet jy kan veg en daarvoor het jy die swaard van die Gees – die woord van God

broodnodig.

In die volgende paar dagstukkies gaan ons kyk hoe Paulus die soldaat se toerusting beskryf, asook dít wat ek nodig het om ‘n volwaardige soldaat te kan wees in God se weermag.

Gebed:

Dankie vir die wonderlike wapentuig wat U my gegee het, Here. Maak my gewillig om U wapens op te neem en in U weermag te veg met selfvertroue.

# 18

# ‘n Gordel vir my Heupe

# Efesiërs 6:18-24

**VIDEO * OUDIO**

Eerste aan die beurt van die soldaat se toerusting, is ‘n baie belangrike ding in ‘n man en veral ‘n soldaat se kleredrag, sy gordel. Ons kan dit in moderne taal as die soldaat se “webbing” beskryf, daardie veeldoelige seillyfband wat nie net sy broek bo hou nie, maar waaraan sy waterbottel, ammunisie, wapen, rugsak en veel meer hang. In Paulus se tyd was die heupgordel vir ‘n soldaat uiters belangrik. Nie alleen

het sy swaard en dolk daaraan gehang nie, maar dit moes ook sy klere bymekaar hou sodat hy nie daaroor sou struikel nie. Vandag sou ons sê dat dit ‘n man se broek bo hou! Sonder die gordel beland die broek maklik om jou knieë en dan val jy baie hard!

Paulus vergelyk die gordel met die Waarheid. Een van die kragtigste wapens van ons vyand is leuens. Die duiwel het dit alreeds in die tuin van Eden gebruik toe hy vir Eva verlei het met ‘n liederlike leuen oor God se bedoelings: “Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van

enige boom in die tuin eet nie?" (Gen. 3:1). Hy kamoefleer dit dikwels baie goed om presies soos die waarheid te lyk!

Vandag word die leuen-vraag dikwels gebruik om selfs gelowiges te laat struikel: "Dink jy nou rêrag dat daardie hoogverhewe God Hom met jou, nietige mensie sal bemoei?" of "Glo jy werklik dat jy die ewige lewe kan kry deur net in Jesus te glo? Dis mos belaglik!" Ons moderne tegnologie maak dit vandag baie maklik om leuens te versprei. Daagliks vlieg miljoene blatante leuens oor die sosiale media rond

en hulle word dikwels só goed verdoesel dat ons dit sommer maklik vir soetkoek opvreet! Die vyand is só slinks dat hy dikwels selfs ‘n versie uit die Bybel, die Woord van God aanhaal en ‘n leuen rondom dit bou! Hy het selfs uit die Bybel aangehaal toe hy Jesus in die woestyn versoek het! (Lukas 4). Elke versie in die Bybel moet in sy konteks gelees word en boonop gemeet word aan die boodskap van die Bybel in sy geheel.

Leuens laat jou struikel, maar met die gordel van waarheid om jou te beskerm, keer dit dat jy val. Die

vraag is, waar kry ons daardie waarheid?

Die antwoord is eintlik baie eenvoudig: ons kry dit in die Bybel, die Woord van God! Die Heilige Gees gebruik onder meer die Bybel om die waarheid aan ons te openbaar. As ek my hart oopmaak vir die influistering van die Heilige Gees, maak Hy my oë oop wanneer ek die Bybel lees sodat ek die waarheid daarin kan sien en ter harte neem.

Die volgende is ‘n eeue-oue vraag: “Wat is dan die waarheid?”

Die Bybel is boordensvol geprop van

die waarheid, van die héél eerste bladsy van Genesis af tot die laaste bladsy van Openbaring. Dit vertel van God se almag, Sy liefde, geregtigheid, genade en nog baie ander dinge. Die waarheid behels onder meer talle beloftes wat vir ons opgesluit lê in die Woord. Dit bevat ook talle waarskuwings oor sonde en die slinksheid en mag van die vyand.

Hier volg enkele voorbeelde van die waarheid wat ons in die Bybel aantref.

In Eksodus 20:2 stel die Here Homself bekend as die Lewende

God wat persoonlik vir ons omgee: "Ek is die Here jou God."

In Johannes 3:16 sê Jesus dat Hy 'n liefdevolle God is wat omgee: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

In Johannes 3:18 maak Jesus dit duidelik dat daar wél 'n oordeel is, maar dat daar redding in Jesus is: "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun

van God geglo het nie."

In Romeine 3:23 sien ons dat niemand onskuldig is nie, maar dat God genadig is: "Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle; en tog word hulle goedgunstig op grond van sy genade vrygespreek deur die bevryding in Christus Jesus."

Romeine 6:23 vertel van oordeel en genade: "Want die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."

1 Johannes 5:13 gee aan elke gelowige die sekerheid van

verlossing: “Dit het ek aan julle geskryf sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Naam van die Seun van God glo.”

Hierdie is maar enkele voorbeelde van die waarheid wat in die Woord beskryf word. Delf in die Woord en maak dit jou eie!

Gebed:

Wonderlike Here, wanneer ek deur die bladsye van U Woord blaai, gryp die waarheid my aan die hart. Ek lees daarin dat U van my verwag om nie te sondig nie, maar terselfdertyd sien ek U onmeetlike liefde en genade. Ek kan U nie genoeg loof

en dank daarvoor nie!

# 19

# Beskerming vir my Hart

# Efesiërs 6:18-24

**VIDEO * OUDIO**

Jou hart is ‘n sagte teiken. Deesdae dra die polisie koeëlvaste baadjies om die hart te beskerm. Geestelik is jou hart egter nét so kwesbaar en as hy getref word, twyfel jy of jy waarlik God se vryspraak het. Om daardie rede is die borsharnas vir Paulus só ‘n belangrike deel van ‘n soldaat se mondering maar ook dié van die gelowige. As jy dus God se borsharnas van Vryspraak aantrek, is jou hart veilig.

Maar wat behels dit alles? Eintlik sluit dit aan by die vorige gedeelte oor die waarheid. Feitlik elke gelowige het al per geleentheid twyfelgedagtes beleef of hulle wél deur God vrygespreek is. Dit is die werk van die Bose om sulke leuens in jou hart te plant. God se versekering dat Hy jou wél vrygespreek het, werk soos ‘n borsharnas wat jou hart beskerm. Sit hierdie harnas aan en jou hart sal nie getref word nie.

Maar wat beteken hierdie vryspraak? Dat Hy ál jou sondes vergewe het. Jesaja 1:18 beskryf dit

so mooi: “Kom tog, laat ons die saak uitpraat!” sê die Here. “Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word.” Sy vryspraak is dus volkome!

Die volgende stukkie toerusting mag dalk onbenullig lyk, maar dis van uiterste belang – skoene!

Het jy al kaalvoet deur die duwweltjies of oor skerp klippertjies probeer loop? Dis eina! Jy loop liewer gladnie! Dus is ‘n goeie paar skoene absoluut noodsaaklik, veral oor ‘n rowwe terrein. So kan jy jouself oortuig dat die veld waar die

Evangelie uitgedra moet word, besaai is met dorings, dus is dit te pynlik vir jou om die paadjie te loop. Dit is veral wanneer daar negatiewe reaksie kom op jou pogings om van Jesus te getuig. Of jy kan bang word vir die groot omvang van die taak. Soms wil dit lyk asof jy dit nooit gedoen kan kry nie. Met 'n goeie paar skoene is dit egter kinderspeletjies. Moenie van stryk gebring word deur die dorings nie! Trek die skoene aan wat God jou gee, die skoene van bereidheid om Sy Woord uit te dra. As Hy dan iemand oor jou pad stuur, getuig van die Evangelie. Jy sal verstom staan

oor die kwaliteit van God se skoene!

Wat behels God se skoene? In die eerste plek is dit die Heilige Gees, Hy gee jou die regte woorde in jou mond asook genoeg wysheid. Dit vra egter ook iets van jou, om jouself voor te berei op so ‘n situasie wat oor jou pad mag kom. Die Heilige Gees bied vir jou die kennis, maar dit vra van jou om die Woord oop te maak en te bestudeer om Sy bron van kennis te kan benut.

Die grootste faktor is egter om jouself bereid te verklaar om die evangelie uit te dra. Bereidheid is 90% van die skoene!

Swaarkry en teëspoed is soos dodelike pyle wat jou laat twyfel, en dikwels jou rug op God laat draai. Dit is vir sulke pyle wat God jou die skild van geloof gee om jou te beskerm. Geloof gaan egter hand-aan-hand met vertroue. Sonder vertroue kan daar géén geloof wees nie! Ek kan dit verduidelik met die verhaaltjie van die touloper wat sy tou gespan het oor die Niagra Waterval en toe oorgeloop het met 'n skare wat applous gegee het vir sy wonderlike vertoning. Toe hy vra of hulle dink dat hy iemand op sy skouers oor die gevaarlike waterval kon dra, het almal "JA!" geantwoord.

Hulle het dit beslis geglo! Toe hy egter vir ‘n vrywilliger vra om op sy skouers te klim, was daar niemand. Niemand het hom dus waarlik vertrou nie. Plaas al jou vertroue op die Here, selfs al gaan dit hóé moeilik. Hy sal alles ten goede laat gebeur. Gebruik dus daardie skild!

As ‘n bom op jou kop val, is dit tiekits! Jou verstand bokveld toe. As jou verstand vir jou sê dat jou verlossing niks werd is nie, is dit dodelik. Dit is dáárom dat jy die helm van verlossing op jou kop moet dra om jou te beskerm. Glo, nie alleen met jou hart nie, maar ook

met jou verstand! Sit jou helm op!

Sonder wapens beteken ‘n soldaat niks. Gee jy hom egter ‘n swaard in die hand, dan is hy baie gevaarlik en hy kan die vyand oorrompel! Werlik? As hy nie weet hoe om die swaard te gebruik nie, is dit steeds nutteloos. Hy moet eers leer hoe om die swaard te kan gebruik, en hoe langer en harder hy oefen, hoe meer behendig raak hy daarmee.

Die Woord is die gelowige se kragtige swaard waarmee hy die vyand kan aanval en neutraliseer. Die Bybel in iemand se hand is opsigself egter nutteloos. Dit is eers

wanneer ‘n gelowige die inhoud daarvan bestudeer, verstaan en sy eie maak, dat dit vir hom nuttig begin word. Hoe meer dikwels en hoe meer intensief hy die Bybel lees en bestudeer, hoe meer behendig raak hy met die gebruik daarvan. Maak dus seker daarvan dat jy daardie formidabele wapen van jou deur en deur ken en verstaan. Oefen boonop hard om met hierdie swaard te kan werk en om dit effektief te kan gebruik. Lees en bestudeer die Bybel en maak dit deel van jou lewe. Dán is jy gewapen!

Die Here het ons hierdie wonderlike wapenrusting gegee – kom ons maak volle gebruik van elke deel daarvan!

Gebed:

Dankie vir die borsharnas, die skoene, die helm en swaard wat U my gegee het, Here. Gee my asseblief die volle vertroue in U en veral die bereidheid om die evangelie onverskrokke uit te dra!

# 20

# Bid Vir Mekaar

# Efesiërs 6:18-24

**VIDEO * OUDIO**

Gebed is die lewensaar van elke gelowige. Dit is ‘n uiters noodsaaklike deel van Christen-wees waarsonder jy nie kan staande bly nie. In die laaste twee dagstukkies het ons gesien hoe Paulus die wapenrusting beskryf wat God ‘n gelowige gee om die gevaarlike vyand te kan trotseer. Daar is egter een uiters belangrike element wat nog kortkom in hierdie wapentuig: Gebed!

Ek het dit al by vorige geleenthede genoem, dat gebed jou geestelike asemhaling is, jou tweegesprek met God. Hy het vir ons hierdie wonderlike kommunikasiekanaal daargestel wat dag en nag oop is. Geen dief kan daardie telefoonkabels steel nie, en selfs die grootste donderstorm kan nie die "satellietverbinding" verbreek nie. Die nommer is ook nooit, óóit beset nie en jy praat nooit met 'n antwoordmasjien aan die ander kant nie. En die beste van alles is dat jy nie eers deur 'n swetterjoel keuses hoef te gaan nie. Stel jou voor: om te kla, druk 1; om hulp te vra, druk 2;

om om vergifnis te smeek, druk 3……..

Ek was in my jong dae ‘n seiner in die weermag. Dis nou die ouens wat die radio- en telefoonverbinding tussen verskillende afdelings bewerkstellig. Die radios was maar baie primitief: hulle was groot, lomp en nie verskriklik gebruikersvriendelik nie. Nogtans was hulle absoluut noodsaaklik, want daarsonder was daar nie kommunikasie nie. Die situasie wat ons dikwels hanteer het, was in die artillerie om ‘n verbinding te skep tussen die observasiepos (dis nou

iemand wat alleen op ‘n koppie sit en die vyand dophou), die bevelspos (die wiskundiges wat die trajek van die kanonkoeëls uitwerk), en die kanonne. Wanneer daar ‘n kontaksituasie was, het dit nogal rof gegaan, want jy as seiner is die middelpunt van almal se bevele en alles moet eenhonderd persent korrek deurgegee word. Soms het dit egter gebeur dat daar drie groepe gelyktydig op dieselfde frekwensie na alle kante toe bevele uitskree en dan was dit absolute chaos. Om in so ‘n situasie te kan kophou en die regte inligting by die regte plek te kon kry was byna ‘n onmoontlike

taak. Ek verstaan beslis nie hoe God kan sin maak van die Babelse verwarring van miljoene mense wat gelyktydig Sy aandag soek nie. Gelukkig vra Hy nie van my om te verstaan nie, maar net om te glo!

Wanneer Paulus 'n oproep tot gebed doen, vra hy nie dat jy vir jouself bid nie. Dit is in elk geval iets wat baie maklik en natuurlik kom. Nee, hy vra dat ons gedurig vir ander gelowiges bid. Ek dink byvoorbeeld aan die talle gelowiges wat in haglike omstandighede moet oorleef in oorlog geteisterde lande soos byvoorbeeld Oekraïne. Deur vir

mekaar te bid, vra ons nie alleen die Vader om ons medegelowiges te onderskraag nie, maar dit bring ook ons as gelowiges nader aan mekaar. Dit bind ons met ‘n hegte band, want nou word die ander se probleme ook deel van my eie. Ek voel nou wat hy voel. Hy is nou nie meer iemand wat daar ver staan nie, maar hy is intiem deel van my.

Daar is ook ‘n ander aspek van voorbidding wat die klem effens verskuif. Hy vra dat die gelowiges vir hom as prediker bid, sodat God vir hom die regte woorde sal gee om die Evangelie suiwer en met

vrymoedigheid uit te dra. Geen prediker kan sonder voorbidding oorleef nie, selfs nie eers die groot sendeling Paulus nie. Hoeveel te meer nog die "gewone" predikante, pastore, evangeliste, lekepredikers ensomeer wat die taak het om die Here se Woord te verkondig. Elkeen van hulle is uiters afhanklik, nie alleen van hulle eie gebedslewe met God nie, maar van ander gelowiges om hulle te dra deur hulle bediening.

My versoek aan jou vanoggend is dan ook dat jy gedurig vir my sal bid vir hierdie reuse taak wat op my skouers lê. Wat dit vir my soveel

moeiliker maak, is die feit dat ek nie ‘n predikant is nie, en geen formele teologiese opleiding het nie. Nogtans het God vir my die deure oopgemaak om Sy wonderlike Woord deur middel van die dagstukkies aan duisende mense uit te dra. Dit is ‘n skrikwekkende verantwoordelikheid, want ek durf nie ‘n dwaalleer verkondig nie. O, ek wéét dat daar baie gelowiges is wat reeds vir my bid, want die Here lê elke keer die woorde vir die dagstukkie in my mond! Ek staan dikwels verstom oor dít wat ek geskryf het, want dit is ver bokant my eie vermoëns. Dankie vir jou

gebed! As jy dit dalk nog nie doen nie, bid asseblief vir my!

Ons het aan die einde gekom van ‘n inspirerende brief van Paulus - ek hoop jy het dit nét so geniet soos wat ek dit geniet het. Vir myself was dit ‘n wonderlike belewenis. Ek wil afsluit met die seëngroet van Paulus in die Efesiër-brief: “Vrede vir jou, en liefde en geloof van God die Vader, en van die Here, Jesus Christus. Sy genade bly met almal wat vir ons Here Jesus Christus onverganklik liefhet.”

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike

inspirasie wat ons kon put uit hierdie brief van Paulus. Ek wil vanoggend elkeen wat die Woord van God uitdra op die een of ander wyse, aan U opdra in gebed. Ek wil bid, Here, dat u Woord suiwer verkondig sal word. Ek wil ook die leser van hierdie dagstukkie in besonder aan U opdra. Seën hom/haar vandag mildelik.

*Die 2020 vertaling van die Bybel is deurgaans gebruik in hierdie reeks dagstukkies.*